

# CALVINISME en LIBERALISME

---

---



# Inhoud

<b>VOORWOORD.....</b>	<b>2</b>
<b>I. ONS GRONDSLAG — DIE HEILIGE SKRIF. ....</b>	<b>3</b>
1. Die Soewereiniteit van God.....	5
2. Die Openbaring van God. ....	6
3. Die Algemene Openbaring.....	6
4. Die Besondere Openbaring.....	8
5. Die verhouding tussen besondere openbaring en die Bybel.....	10
6. Die Bybel die "Woord van God.....	11
7. Die Inspirasie van die Heilige Skrif.....	13
8. Die Gesag van die Bybel.....	14
9. Die Verklaring van die Heilige Skrif. ....	15
10. Slot. ....	16
<b>II. LIBERALISME OP GODSDIENSTIGE GEBIED. ....</b>	<b>18</b>
DIE MODERNISME. ....	18
DIE METODISME. ....	20
DIE BARTHIANISME. ....	21
DIE SEKTARISME.....	23
DIE ROOMS-KATOLISISME. ....	25
DIE ATEÏSME. ....	27
<i>Literatuur oor afwykende strominge op gods. gebied:</i> .....	29
<b>III. DIE LIBERALISME IN DIE POLITIEK .....</b>	<b>31</b>
1. Calvinisme en Politiek.....	31
2. Calvinisme en Demokrasie. ....	34
3. Liberalistiese Demokrasie. ....	36
4. Liberalistiese Outokrasie.....	38
a. Staatsoewereiniteit.....	38
b. Staatsosialisme.....	39
c. Kommunisme. ....	40

### [3] VOORWOORD.

*Op die Sinode van 1945 is die volgende beskrywingspunt behandel: "Die Sinode laat 'n ondubbelsinnige geluid hoor ten opsigte van die menigvuldige geestesstrominge van ons tyd." Die Sinode het besluit om dit aan 'n deputaatskap op te dra. Op die Sinode van 1949 het hierdie deputaatskap gerapporteer dat al die artikels vir 'n brosjure oor die geestesstrominge nog nie ontvang is nie. Die sinode het besluit om die deputaatskap te kontinueer om so spoedig moontlik sy mandaat verder uit te voer.*

*Op die Sinode van 1952. is gerapporteer dat die werk gereed is. Die brosjure sou die naam dra: Liberalisme teenoor die Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing. Dit bevat die volgende artikels:*

*I. Liberalisme en die Soewereiniteit van God.*

*II. Liberalisme en die Godsdiens.*

*III. Liberalisme en die Sosiale Lewe.*

*IV. Liberalisme en Arbeid.*

*V. Liberalisme en die Staatskunde.*

*Die sinode het besluit dat die K.J.B.F. die verskillende artikels in afsonderlike brosjures sal uitgee, nadat in ver-binding getree is met die onderskeie outeurs. Sommige artikels is nog weer verwerk om meer aktueel te kan wees. Slegs artikels I, II en V is terugontvang. Ons het dit goed geag om hulle nie in afsonderlike brosjures uit te gee nie, maar in een brosjure onder die naam "Calvinisme en Liberalisme." Ons vertrou dat hierdie brosjure nie van aktuele belang ontbloot is nie en dat ook hierdeur die Calvinisme sy lig sal laat skyn.*

*P. J. S. de Klerk*

*(Voors. Deputaatskap).*

### **Elektroniese weergawe**

In hierdie teks word die oorspronklike bladsynommers soos volg aangedui <sup>[xx]</sup>.

## [5] I. ONS GRONDSLAG — DIE HEILIGE SKRIF.

(Deur prof. B. J. de Klerk)

Soos in die eerste jaartellings staan die Christendom van vandag weer teenoor 'n magtige heidendom, wat soms in sy bese hooghartigheid hom versier met die naam Christelik. Die Skrif voorspel dit vir ons en berei ons daarop voor dat, namate die einde van die dae nader, die afval van die geloof steeds groter afmetings sal aanneem. En in ons dae sien ons dit duidelik bewaarheid. Die hele Westerse beskawing raak al meer en meer van Christus vervreemd. Heeltemal ander magte as Bybel en kerk gee in die Wes-Europese wêreld die toon aan. Die plek wat godsdienste en geloof vroeër ingeneem het, word tans deur wetenskap en tegniek, vermaak en sport ingeneem.

Reeds in die 18e eeu het die ontkerstening van Europa begin. Uit die Renaissance het 'n nuwe lewensrigting opgekom, wat die mens wou loswoel van die bande van godsdienste en tradisie en hom oproep om sy eie heil uit te werk, onderworpe aan homself alleen. Die rede (verstand) van die mens is verabsoluteer, en alles wat nie voor die vierskaar regverdig kon word nie is verwerp. In Engeland steek hierdie geestes kop uit in die deïsme en empirisme. In Frankryk sien ons dit in die Franse Revolusie met sy kreet: Geen God en geen meester nie. In Duitsland leef die geestes voort in die rasionalisme, positiwisme en materialisme met die Marxisme. Die gedagtes word dieper uitgewerk en op alle terreine toegepas. Nie Gods Woord nie maar die menslike rede is tot beginsel en norm van kennis en lewe verhef. So is 'n liberale en neutrale lewens- en wêreldbeskouing opgebou.

Die twee groot wêreldoorloë wat Europa in die eerste helfte van ons 20ste eeu geteister het, het hierdie ontkersteningproses verhaas. Ons kan verstaan dat die mens, na die ellende van 'n verwoestende oorlog, na die verwarring en chaos, na jare van moedeloosheid en insinking, weer in die lewe gaan belangstel het. 'n Nederlandse skrywer wat midde in die stroom staan druk dit so uit: "Had eerst de dood geheerscht, nu moest het leven triumferen. Ge kunt naar alle kanten grijpen, overal ontmoet ge de gedachte van de rijkdom van het leven. Ge kunt namen noemen, die in veel opzichten verschillende werelden vertegenwoordigen, die zeer verschillende accenten leggen, maar overal spreekt men van de heerlijkheid, de eeuwigheid van de bruisende levenstroom, en van de droom van een nieuwe toekomst, opstijgend uit die [6] stroom.<sup>1</sup>" Hierdie opbruisende lewensstroom uit hom in lewensgulsigheid. Die ou heidendom ontwaak weer—die vermensliking van God en die vergoddeliking van die mens—en die erediens van die mens verdring die ware godsdienste. Teenoor die Gekruisigde heers 'n nuwe god.<sup>2</sup> Vir die Christendom is daar geen plek meer nie.

Maar die lewe is nie deur die groot sterwe gelouter nie. Die erediens van die lewe het geword tot 'n lewe van duistere drifte en donker vernielende instinkte. Dit eindig met 'n vraagteken, want die drifte is sonder doel en uitsig.<sup>3</sup> Dit loop uit in seksuele oorspanning, waarvan literatuur en praktyk vandag oorvol is. Dit bring ontwrigting en verskeuring van die lewe. Juis dit wat die mens nodig het vir gelukkige lewe en innerlike ontwikkeling ontglip hom: die *rus*. Die gevoel van vermoeienis en oorversadigdheid is 'n tipiese verskynsel van hierdie eeu. Die mens geniet en die een prikkel van die genot dryf hom voort tot die ander, maar uiteindelik het dit geen grens nie en die gevolg is dat die moderne mens sy ewewig kwyt is. Die kenmerk van die naoorlogse mens is die toenemende verstoring van sy ewewig en dien ten gevolge sy ontaarding. Dit is die "nagkant" van die moderne lewe.

Maar so kan aan die geskokte gewete van die mensheid geen sedelike vastigheid gegee word nie. So word juis die teenoorgestelde bewerkstellig: die fondament van die sedelike

---

<sup>1</sup> Dr. S. J. Popma: Tusschen de twee oorlogen, Kampen 1947, pag. 12.

<sup>2</sup> Vgl. die boek van Christiansen: Der neue Gott.

<sup>3</sup> aw. pag, 18.

gebou word só los gewoel dat daar geen enkele stewigheid vir die toekoms oorbly nie.

Dit moet vir elkeen duidelik wees dat agter die hele "vryheidsdrang" van die moderne mens die grondgedagte sit van die *outonome mens*, wat in beginsel sy eie wetgewer wil wees—die grondidee van menslike selfvergoding, 'n godsdienstige verering van die mens.<sup>4</sup>

Lynreg hierteen staan die ou beproefde *Calvinistiese standpunt*, wat ons ook hier weer wil bepleit as die enigste grondslag wat vastigheid vir die mens bied. Die ou kerkvader, Augustinus, het gesê: "*Orrustig bly die hart van die mens totdat dit rus vind in God.*"

Die Calvinis leef uit die diepe oortuiging dat God die Skepper is van hemel en aarde en dat die mens skepsel is, en dat hy daar is slegs omdat God dit wil en Hy sy bestaan van oomblik tot oomblik in stand hou. "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in der ewigheid." (Rom. 11:36). Dit is die eerste fondamentsteen van die Calvinisme: Dit bely die soewereiniteit van God.

---

<sup>4</sup> Hoe hierdie "vryheidsdrang" hom op die verskillende gebiede van die lewe laat geld, sal vir die leser duidelik blyk uit die artikels wat volg.

## [7] 1. Die Soewereiniteit van God.

Die mens soos elke skepsel van God, staan onder die wet van God, terwyl God self alleen, die Wetgewer, bo die wet staan. Tenoor die selfvergoding en godsdienstige verering van die mens van die liberalisme, soos hierdie s.g. "vryheidsstrewers" ook genoem word, stel die Calvinisme geen outonomie van die mens nie, maar spreek hy van verantwoordelikheid van die mens. *Die mens staan onder die hoë soewereiniteit van God en daarmee onder die wet van verantwoordelikheid vir sy hele lewe en vir ál sy dade.*<sup>5</sup>

Wil dit nou sê dat die mens gebind lê onder die mag van 'n vreemde heerser? So word dit wel voorgestel. Dan sou die liberalistiese denkwysse wel deeglik beteken bevryding van hierdie oorheersing en die bring van die mens tot homself en sy ware heerlikheid.

Maar hierdie voorstelling van sake is deur en deur onjuis. Immers, as die Christelike geloof die soewereiniteit van God oor al die geskapene bely, dan lê daarin die erkenning dat die mens nie sy eie wetgewer is nie. Hy kan dit nie wees nie, want hy dank sy ontstaan aan God. Sy ontstaan en sy voortbestaan dank hy aan die voorreg dat God aan die mens ordinansies gee, waarvolgens hy lewe. God is vir die Christen nie 'n vreemde, wat sy wette na willekeur stel nie. Inteendeel, wanneer Hy aan ons sy wette gee, kom Hy tot die mens as Eienaar en Skepper. Hy kom na hulle toe wat syne is. Die beweegkrag van sy kom na die mens toe is Gods trou. Hy laat die werk van sy hande nie vaar nie. Maar hierdie trou is ingevleg in sy liefde. Die werk van sy hande het Hy lief. (Vgl. Joh. 3:16). Deur die geloof in ons Here Jesus Christus mag ons onself sien as 'n persoonlikheid in wie die liefde in die vorm van wederliefde tot God aanwesig is. En hierdie liefde tot God vind onmiddellik uiting in die gehoorsaamheid van die hart aan die Soewereine God en aan sy wet. Dr. A. Kuyper kenskets die geesteshouding van die Calvinis as volg: "Calvinist in het hart is alleen hij, die persoonlijk in de eigen ziel door de Majesteit van den Almachtige aangegrepen en voor de overweldigende kracht zijner eeuwige Liefde bezwijkend, die majestueuse liefde in het geloof van door Hem uitverkoren te zijn, en *Hem* alzo *álles* te danken te hebben, tegenover Satan en de wêreld en den wereldzin van zijn eigen hart belijden dorst; en zulk een *kon* niet anders dan voor God en zijn Woord beven, en vond in de vreeze des Heeren van zelf het beginsel ook voor zijne levens-practijk."<sup>6</sup>

Hierdie leer stel die hele lewe van die mens voor die aangesig van God. Dr. Kuyper stel dit mooi waar hy sê: <sup>[8]</sup> "God imponeert den Calvinist in *heel* zijn menschelijk bestaan. Hy is pelgrim, niet als toog hij een wêreld door die hem niet aanging, maar pelgrim in dien zin, dat hij op elk punt van den langen weg te rekenen heeft met dien God vol majesteit, die hem aan het einde van den weg opwacht. Voor de poorten die hem den ingang in de eeuwigheid ontsluit, ligt het *laatste oordeel*, en dat oordeel is een breede, over alles zich uitstreckende toetsing, of de lange pelgrimsweg, naar den eisch van Gods ordinantiën, en met een hart dat God zoekt, is afgelopen."<sup>7</sup>

Wat is nou vir die Calvinis die geloof in die ordinansies van God? Niks anders nie as die onwrikbare oortuiging van die hart dat alle lewe eers deur God uitgedink en daarna deur God verwesenlik is en dat God vir alle lewe 'n wet of wette neergelê het. Daar is wette vir die natuur, wette vir die hemelliggame, wette vir die aarde, waardeur alles staande bly. So is daar ook wette van God vir my liggaam, vir die bloed wat deur my are stroom, ja, ook vir my sedelike lewe, wette wat my aansê hoe God dit alles wil.<sup>8</sup> Dit is hier nie enkele, algemene gebooue, wat telkens in konkrete gevalle die beslissing aan my oorlaat

---

<sup>5</sup> Vgl. Popma, a.w. p. 26 v.v.: H. H. Meeter: Calvinism, p. 30 v.v.  
Dr. A. Kuyper: Het Calvinisme, p. 40 v.v.

<sup>6</sup> Kuyper, a.w. pag. 660.

<sup>7</sup> Id. p. 61.

<sup>8</sup> Vgl. H. H. Meeter: The Fundamental Principle of Calvinism, p. 71 v.v.

nie, maar soos wat God se ordinansies die loop van die hemelliggame, van die kleinste tot die grootste, beheer, so sê hierdie ordinansies op sedelike gebied tot in die kleinste en besonderste wat die *konstante* wil van God is. Weer haal ons hier 'n kensketsende woord van dr. Kuyper aan: "Een verlostee, die bij *alle* ding en in alle levenskeus zich eeniglijk laat beheerschen door een hem diep ontroerenden eerbied voor den steeds hem presenten en hem gadeslaanden God, ziedaar de echte Calvinist. Altoos en in alle ding de diepste, de heïügste eerbied voor den altoos tegenwoordigen God, als richtsnoer van het leven, ziedaar u het beeld getekend van den oorspronkelijken Puritein."<sup>9</sup>

Daarom kan die Calvinis hom nie oopsluit agter die vier mure van sy kerk en in wêreldskuheid 'n kluisenaarslewe lei nie, maar voel hy dit as sy hoë roeping, om die wêreld op Gods bevel te ontwikkel en in die wêreld, "al wat voor menschelijk eerbaar geldt, lieflijk is en wel luidt, om Gods wille hoog te houden."<sup>10</sup>

Die Calvinisme is dus 'n saak van innerlike geloofsoortuiging, maar dis ook 'n lewensuiting en daardeur mag, aksie in die wêreld, maar altyd weer in diepe afhanklikheid van God. In die middelpunt van die Calvinistiese leer staan die absolute woord van die Here Jesus: "Sonder My kan julle niks doen nie." (Joh. 15:5).

Geen wonder nie dat, as God die alles-beheersende plek in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing inneem, die Calvinis ook alle dinge wil sien soos God wil dat hy dit moet sien en daarna strewe om sy wil in alles uit <sup>[9]</sup> te voer. Soos Paulus vra hy voortdurend: "Here, wat wil U hê, moet ek doen?" Daarom stel hy ook die vraag na die middels waardeur hy hiervan kan kennis kry.

## 2. Die Openbaring van God.

Die Christen glo dat hy nie uit homself (hetsy deur middel van sy verstand of rede, hetsy deur sy gevoel) of deur enige ander middel tot die kennis van God kan kom nie. Daar moet van die kant van die Here 'n bewuste, vrywillige en opsetlike daad kom, waardeur die Ewige en Onsienlike Homself aan ons bekend maak. Hierdie daad van God, waardeur Hy Homself aan die mens bekend maak, noem ons "openbaring". Die woorde in die Bybel, wat met "openbaring" vertaal word, beteken "die verwydering van 'n deksel of sluier, wat iets anders bedek hou". Alle openbaring is uit God, die eenvoudige, ewige Wese. God soek die mens op, sodat die mens Hom sou soek. Die 'mens is "Gods geslag" (Hand. 17:28). In die siel van die mens is die saad van godsdiens (Calvyn — semen religionis). Hier lê die aanknopingspunt, waarby God by sy self-bekendmaking aan die mens aansluiting vind. Op grond van wat die Heilige Skrif ons leer onderskei ons in hierdie verband tussen tweërlei kenbron van Gods openbaring, nl. 'n algemene en 'n besondere openbaring.

## 3. Die Algemene Openbaring.

Reeds van die eerste eeue van die Christelike kerk af, word daar tweërlei kenbronne van God onderskei. Daar is in die eerste plek "die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, soos die Apostel Paulus sê (Rom. 1:20) "dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem." (N.G.B. art. 2.)

Die "skone boek" van die skepping is selfopenbaring (self-bekendmaking, self-mededeling) van die "Boumeester en Kunstenaar" God (Hebr. 11:10), toespraak van God tot die mens. Die Psalmdigter juig: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen

---

<sup>9</sup> a.w. pag. 63.

<sup>10</sup> Kuyper a.w. pag. 64.

woorde nie—onhoorbaar is hulle stem." (Ps. 19:2-4.)

Maar God spreek nie alleen deur die natuur as sodanig nie, maar ook deur die verloop van die natuur, dit is deur die geskiedenis. Meer nog as die skepping self, is die gang van die geskiedenis middel tot openbaring en "skoutoneel" van die deugde van God.<sup>11</sup> Die Calvinisme —en by name Calvyn self—sien en erken die geskiedenis as die uitwerking van 'n goddelike plan, as "skouplek" <sup>[10]</sup> (illustre theatrum) van die heerlijkheid van God. Die geskiedenis is die terrein waarop, die middel waardeur die Ewige self Hom aan die mens bekend maak. Deur God het die geskiedenis orde, sin en doel.<sup>12</sup> Namate die boekrol van God se raadsbesluite hom altyd meer voor ons oog ontvou, kan die Goddelike gedagte in die geskiedenis deur die gelowige altyd duideliker gelees word.

Nog duideliker en intiemer as die openbaring in die wêreld buite en rondom ons, is die openbaring in die wêreld van die menslike siel, in die hart en veral in die gewete van elke mens.

Die *inhoud van die algemene openbaring* is, in die eerste plek, 'n besef van God, 'n *Godsbewussyn*. Selfs die mees verblinde heiden ontvang uit die natuur, uit die verloop van die lewe in die wêreld en uit sy hart 'n indruk van die bestaan van 'n alomteenwoordige en almagtige en alwyse God. In die tweede plek behoort ook tot die inhoud van die algemene openbaring 'n besef van die sedelike, 'n *sedelikebewussyn*. Al wat in die heidendom getuig van liefde vir die waarheid, die skone en die goeie, moet toegeskrywe word aan die skepping en algemene werking van Gods Gees. Calvyn praat van die vonkies van Gods genade wat nagloei onder die heidene. Hiermee hang ook saam die gewete en die sondebef. Die gewete staan in onmiddellike verband met God. Dit is 'n aksie van die siel waarmee die mens homself en sy dade beoordeel, nie alleen ten kwade nie, maar ook ten goede. Van die heidene sê Paulus, dat "hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig." (Rom. 2:15.) Natuurlik is die gewete nie 'n absolute maatstaf nie. Deur die sonde is die orgaan ontstem en vervals. By sommige is dit toegeskroei. Maar as getuienis dat die mens God se geslag is en as instrument, waardeur God die wêreld vir volstreckte verwildering behoed, bly dit 'n onskatbare gawe.<sup>13</sup>

Maar die Christelike kerk bely byna eenstemmig dat die sondaar aan die algemene openbaring van God nie genoeg het nie. Slegs die Pelagiane, die deïste en die rasionaliste is hier uitsondering. Volgens Pelagius is daar drieërlei *weg* tot saligheid: die wet van die natuur, die wet van Moses en die wet van Christus, 'n voorstelling wat pas in hulle stelsel, waarvan die fondament die loëning van erfskuld en erfsmet uitmaak. Die deïste en die rasionaliste het die besondere openbaring verwerp en het probeer om deur die menslike rede uit die algemene openbaring 'n natuurlike godsdiens op te bou.<sup>14</sup> Dieselfde standpunt word vandag nog ingeneem deur die liberalisme wat die <sup>[11]</sup>oppermag van die menslike rede verkondig en alles aan sy gesag wil onderwerp, selfs die betroubaarheid al dan nie van die besondere openbaring, soos dit vir ons in die Bybel opgeteken is.<sup>15</sup>

Die standpunt van die liberalis hou nie rekening met die sondeval nie. Verder vergeet hy dat ons nêrens meer die algemene openbaring as afgesonderde geheel vind nie. Die hele

---

<sup>11</sup> Sien Dr. B. Wielenga: Het Wesen van het Christendom, pag. 104: Vgl. ook die insiggewende werke van Dr. K. J. Popma: De Calvinistische geschiedenisbeschouwing.

<sup>12</sup> Vgl. Wielenga, a.w. pag. 105.

<sup>13</sup> Sien art. "Geweten in Christ. Enc", ook die verklaring van Rom. 2 : 15 deur Dr. van Leeuwen in "De Korte Verklaring."

<sup>14</sup> Vgl. Dr. A. G Honig: Handboek deur Gereformeerde Dogmatiek, pag. 71.

<sup>15</sup> Vgl. W. H. Horten: Realistic Theology, pag. 26 v.v.



mensheid het tot op die roeping van Abraham deel gehad aan die besondere openbaring. Hierdie tradisie, hoe vermink ook al, is van geslag tot geslag oorgedra. Die geleerdes van ons eeu meen miskien dat hulle 'n teologie opbou op 'n suiwer natuurlike grondslag, en tog het dit, al is dit ook hoe gering, invloed van die besondere openbaring ondergaan.

Oor die *ongenoegsaamheid van die algemene openbaring* kan daar haas *geen* twyfel bestaan nie. Hierdie ongenoegsaamheid blyk, ten eerste, daaruit dat die algemene openbaring ons hoogstens enige kennis verskaf van God se bestaan en van sommige van sy eienskappe, soos sy goedheid en sy geregtigheid; maar dit laat ons volstrek onbekend met die persoon van Christus, wat alleen die *weg* tot die Vader is. (Matt. 11:27; Joh. 14:6; Hand. 4:12.) Die algemene openbaring is daarom onvoldoende vir die mens as sondaar. Dit weet nie van genade en vergewing nie. Menigmaal is dit 'n openbaring van toorn (Rom. 1:20). Dit boesem vrees in maar geen vertrouwe en liefde nie. In die tweede plek is die kennis wat die algemene openbaring verskaf nie net gering en onvoldoende nie, maar dis ook onseker, steeds met onsuiverhede vermeng as gevolg van die feit dat ons verstand deur die sonde verduister is (Rom. 1:23.) In die derde plek word die ongenoegsaamheid van die algemene openbaring duidelik aangetoon deur die feit dat geen enkele volk daarmee tevrede was nie. Alle heidense godsdienste hou heelwat meer in as wat in die natuur gegee word.<sup>16</sup>

Tog het die algemene openbaring *groot waarde* vir sowel die heidene en die ongelowiges as vir die gelowiges. In baie opsigte belet dit die ongelowige om nie heeltemal na die goeiddunke van eie hart te lewe nie. Die algemene openbaring is 'n gewigtige deel van die algemene genade, wat op hierdie aarde 'n draaglike menslike lewe moontlik maak. Die gelowige loop gevaar om die oog te sluit vir die heerlikheid van die ryk van die natuur en hom alleen te verlustig in die ryk van die genade. Die algemene openbaring leer hom egter om Gods ewige krag en Goddelikheid uit die werke van sy hande te verstaan. Deur die algemene openbaring word ook 'n skakel gelê tussen die gelowige en sy medemens. Dit gee hom die vaste bodem waarop hy alle nie-Christene kan ontmoet om hulle vir Christus te wen. Dit gee 'n aanknopingspunt vir <sup>[12]</sup> sending en evangelisasie. Daar kan aangesluit word by die elemente van die waarheid wat nog in die heidense godsdienste oorgebly het — dink aan Paulus op die Areópagus.

En eindelijk kom die ryk betekenis van die algemene openbaring nog daarin uit dat dit natuur en genade, skepping en herskepping met mekaar in onverbreeklike verband hou. Bavinck sê dit is "de schakel, die het rijk der natuur en het koninkrijk der hemelen aan elkander verbindt."<sup>17</sup> Dit is een en dieselfde God, wat in die algemene openbaring Hom aan niemand onbetuigd laat nie, en wat in die besondere openbaring Hom laat ken as 'n God van genade. Algemene en besondere openbaring werk dus op mekaar in.

#### **4. Die Besondere Openbaring.**

Naas die algemene openbaring, en nie daar teenoor nie, staan die besondere openbaring. Die verhouding tussen algemene en besondere openbaring is dieselfde as die tussen skepping en herskepping. Soos God in die algemene openbaring bekend maak wat Hy as Skepper doen, so maak Hy ook in die besondere openbaring bekend wat Hy as Herskepper werk. Net soos die herskepping dien om te herstel, te repareer en die skepping tot die hoogste denkbare voltooiing te voer, so is die besondere openbaring daar tot herstelling van die algemene openbaring om dit tot die hoogste denkbare voltooiing te voer. Herskepping is nie maar toegevoegde, aangehegde skepping nie, maar suiwer 'n beginsel wat die hele skepping deurtrek, wat van binne-uit die skepping as 't ware nuut laat uitloop. Bring ons dit nou oor op die besondere openbaring, dan sê ons: dit groei deur die algemene openbaring heen, deurtrek as reinigende beginsel die hele algemene openbaring van binne uit, ontwikkel langs organiese weg na 'n punt wat vir die Godsbewussyn en vir die sedelikebewussyn die rykste, volle openbaring is,

---

<sup>16</sup> Vgl. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek 1, pag. 284 v. en Honig, a.w. pag.;. 72.

<sup>17</sup> Gereformeerde Dogmatiek I, pag. 294.

waarvan Christus die Alfa en die Omega is.

Die onderskeid tussen die algemene en die besondere openbaring kom veral daarin uit, dat die laaste die besondere genade openbaar en dus aan die Christendom die aansyn skenk van verlossingsgodsdienste. Die besondere openbaring is heilsopenbaring. Die grondgedagte hier is dat God in sy genade die mens, wat Hom verlaat het, weer opsoek en in sy gemeenskap herstel. Die menswording van Christus is die sentrale feit, wat lig versprei oor die hele gebied. Die besondere openbaring bereik daarom sy afsluiting en einde in die persoon van die Christus, wat die sentrale inhoud van die hele besondere openbaring uitmaak. In Christus kom God self na ons toe en deel Hom aan ons mee. Nie alleen skenk Hy ons waarheid nie, maar ook geregtigheid en lewe. Die besondere openbaring is daarom gerig tot die hele mens, tot sy verstand en hart, tot sy gewete en wil.

[13] Die hele mens is deur die sonde bedorwe en moet daarom ook in Christus gered en verlos word. Daarom is die *doel* van die besondere openbaring om die hele mens te herskep na Gods beeld en hom so te maak tot 'n spieël van die deugde en die volmaakthede van God. Daarom verwerp ons ook al daardie opvattinge, wat beweer dat die doel van die openbaring is, om die mens te leer en sy verstand te verlig (rasionalisme), om hom deug te laat beoefen (moralisme), om godsdienstige indrukke of aandoeninge in hom op te wek (misticisme). Ons gaan nog verder en sê: die doel van God met sy besondere openbaring strek nog baie dieper en baie verder uit as die herskepping van die mens. God wil die hele wêreld in sy organiese verband weer aan die sonde ontworstel en die heerlijkheid van God weer laat skitter in alle kreature. Die sonde het alles bederwe en verwoes, verstand, hart en wil van die mens, die sedelike natuurlike wêreldorde, en daarom is dit ook die hele mens en die hele wêreld om wie se redding en herstel dit God met sy openbaring te doen is.

Is die mens egter deur die sonde van God vervreemd en geestelik so verduister dat hy God nie kan sien nie, dan moet God hom die lig en die oë gee om te kan sien. So staan dit in die Skrif: "dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee; verligte oë van julle verstand." (Ef. 1:17, 18.) Dieselfde Gees wat die lig ontsteek in die Skrif, maak ook die binneste van die mens lewendig, sodat hy die lig kan sien. Calvyn noem dit "'n bonatuurlike gawe, waardeur hulle, wat anders in hulle ongelowigheid sou bly, deur die geloof Christus aanneem." Die Heilige Gees is dus 'n inwendige leraar deur wie se werksaamheid die belofte van die saligheid in ons harte deurdring, wat anders slegs die lug of ons ore sou tref."<sup>18</sup> Deur niks anders nie word die waarheid van die besondere openbaring duideliker gedemonstreer as deur die feit, dat die mens self verander.

God het die mens so gemaak, dat Hy met hom kan spreek en dat die mens Hom kan verstaan en antwoord. Die sonde het daardie vermoë aangetas, maar die Heilige Gees herstel dit weer. Die openbaring van God moet in die hart van die mens weerklank vind. Dr. Kuyper sê dit so mooi: "God is onze hemelsche Vriend, die zich niet slechts ontdekt, om daarna te zwijgen, maar die, om ons woord in het gebed vragend, onszelf in die hoogste geestes-uiting d.i. in het klare woord toespreekt, en eerst in dat toespreken onze God wordt naar Wien de aanbidding van ons hart uitgaat."<sup>19</sup> Vrug van die openbaring is dus dat ook die mens hom openbaar in 'n tweespraak met God. Sy woord word gebed. Sy gebed 'n lied van dank. Die <sup>[14]</sup> dankbaarheid is die terugkeer, die voleinding van die openbaring.

Nou moet ons dit nie so voorstel dat God op 'n gegewe moment die hoofwaarhede van die openbaring afgekondig het en daarna nie meer gespreek het nie. Nee, die besondere openbaring het 'n proses deurloop, wat 'n organiese geheel vorm. Die begin van die besondere openbaring lê op dieselfde oomblik waarop die ongenoegsaamheid van die

---

<sup>18</sup> Institusie (Vertaling deur Dr. A. Sizoo) III, I (iv).

<sup>19</sup> Encyclopaedia der Heilige Godgeleerdheid II, pag. 219.

algemene openbaring ingetree het, d.w.s. net toe die skepping verontreinig is deur die sonde en die werk van die herskepping begin het, en dit duur voort totdat die volle herskeppingsplan geopenbaar is. Die openbaring deurloop dus 'n geskiedenis. Dit bestaan in dade, gebeurtenisse, wat verby gaan en weldra tot die verlede behoort. En tog bevat die openbaring ewige gedagtes, wat nie net vir die oomblik, waarin dit plaasgevind het en vir die persone tot wie dit gekom het nie, betekenis gehad het nie, maar wat van waarde is vir alle tye en vir alle mense. Die geskiedenis kan hom nie bly herhaal nie. Die menswording, die lyde en sterwe, die opstanding en hemelvaart van Christus, is glad nie vir herhaling vatbaar nie. Christus as historiese persoon is die sentrum van die openbaring. Daarom kom die openbaring nie as daad nie, maar as beskrywing van die daad, as woord, na die later lewende geslagte. En om hierdie woord te bewaar vir vervalsing en verbastering het dit die duursame vorm van skrif aangeneem. So alleen kan die openbaring die gemeengoed van die hele mensheid word.

## 5. Die verhouding tussen besondere openbaring en die Bybel.

Tussen die besondere openbaring en die Bybel bestaan sowel onderskeid as verband. Die openbaring is dikwels ouer as die optekening daarvan. Baie maal het eeue verloop voordat dit op skrif gestel is. Die openbaring het soms baie meer bevat as wat later skriftelik vasgelê is. God het aan Abraham en aan Moses dinge gesê, wat *ons* nie weet nie omdat dit nie vir ons opgeteken is nie. Verskillende profete—b.v. Elia—het besondere boodskappe van God oorgebring, sonder dat ons 'n reël daarvan op skrif het. Die profetiese boeke is nie meer as gedeeltes of samevattinge van wat die profete gespreek het nie. Hoeveel het Jesus self nie gespreek en hoeveel tekens het Hy nie gedoen nie, wat nie geboekstaaf is nie? Johannes sê: "En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe word, sou die hele wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie." (Joh. 21:25.) Daar is selfs ook geskrifte van Goddelike boodskappe b.v. briewe van Paulus, wat nie tot die Bybel behoort nie. Omgekeerd kon God aan sy profete en apostels onder die skrywe iets bekend gemaak het, wat hulle self voor die tyd nie geweet het nie en dus tevore ook nie aan ander verkondig het nie. So is dit <sup>[14]</sup> met die Openbaring wat Johannes op Patmos oor die toekoms ontvang het.

Al bestaan daar onderskeid tussen openbaring en Bybel, dan is daar tussen hulle tog ook 'n baie nou verband. Die Bybel ontleen sy betekenis daaraan, dat dit die boek van die openbaring is. Die Bybel is deur God in aansyn geroep as die beliggaming van die besondere openbaring, wat volmaak pas vir die doel van die aksie van God. Daar is in die Bybel geen woord te veel, maar ook geen woord te min nie. Wat die kerk van alle eeue nodig het om te weet van God en sy raadsplan is vir ons daarin opgeteken. Die Bybel is reël van geloof en lewe (norma credendorum et agendorum) vir die kerk van alle eeue.

Gaan die openbaring van God as self-bekendmaking nog deur? Dat God sou ophou om Homself bekend te maak, sou stry teen die werke van God. Openbaring van God moet dus voortgaan. Die vraag is nou net: hoe geskied die self-bekendmaking? Die antwoord is dat God sy openbaring in die Skrif die wêreld indra, so leef die openbaring van God voort in die Heilige Skrif. Deur die verkondiging van die Woord dra die kerk die openbaring van God die wêreld in. Die stof vir die prediking word deur die Skrif gebied. In die prediking hou die Gees die Skrif lewend en kragtig. Deur sy aksie lê die Heilige Gees die openbaringswaarheid van die Skrif aan die harte en bid in verband met die verligting en die innerlike roeping deur die prediking tot bekering.

Daarom is die Skrif geen boek uit "lang vervloë tye," wat ons alleen met persone en gebeurtenisse uit die verlede in verband bring, soos die liberalistiese teoloë beweer nie. Dit is ook geen "dorre verhaal" en geen "oude kroniek" nie, maar die altyd lewende, ewig-jeugdige Woord van God, wat Hy altyddeur tot sy volk laat uitgaan. Dit is die "altijd

voortgaande sprake van Gods tot ons."<sup>20</sup> In die Skrif kom God daeliks tot sy volk. Bavinck sê: "De Schrift is het blijvend rapport tusschen hemel en aarde, tusschen Christus en zijne gemeente, tusschen God en zijne kinderen."<sup>21</sup> In die Bybel maak Christus Hom bekend. (Joh. 5:39). Hy verskyn daarin. Die Bybel is "die uitstorting en daardeur die vol-wording en bron-wording van die vervulde evangelie, dit is van Christus."<sup>22</sup>

Die Bybel is van Gods kant gesien, nie die absoluut noodsaaklike nie. God kon Hom voortgaande deur die gesproke woord openbaar het. Die Bybel is die soewerein gewilde. Maar daarom ook vir ons die onmisbare. Sonder Bybel geen openbaring nie. Deur die Bybel voortgesette openbaring. God bly spreek deur sy lewende stem. "Christus zet zijn tocht door de wêreld voort, licht ontstekend in de donkerheid, dood zielen tot leven wekkend."<sup>23</sup>

## [16] 6. Die Bybel die "Woord van God.

Uit die Bybel self weet ons dat dit deur die besondere sorg van God tot stand gekom het. God is die eerste outeur van die Bybel. God het in besondere sin die inisiatief, in die leiding, in die voltooiing.

Daar is oorfloedige aanwysings dat die skrywers in opdrag van God die openbaring te boek gestel het. Ons noem maar net enkele: Moses (Ex. 17:14); Jesaja (Jes. 8:1); Habakuk (Hab. 2:2).

Hier staan ons voor 'n *geskiedkundige wonder*. Van Moses tot Johannes, dus 'n tydperk van meer as vyftien eeue, het 'n lang reeks van skrywers, wat oor die geheel geen kontak met mekaar gehad het nie, gevoel en getuig dat hulle geskifte op 'n besondere wyse hul ontstaan aan God te danke het. Hierdie geskifte asem dan ook almal *een* gees. Hulle vorm *een* geheel. Hulle is saam *een* boek.

Ook vir die uitwendige verhouding tot die een boek het 'n spesiale Voorsienigheid gesorg. Uit enkele uitsprake in die Bybel kan ons aflei, dat al vroeg groepe van geskifte versamel was, b.v. "die boek van die verbond" (Ex. 24: 4-7); "die wetboek van God" (Jos. 24:28); "die boek van die Here" (Jes. 34:16); die profeet Daniël praat van "boeke" (9:2) en bedoel waarskynlik 'n versameling, waarin ook die profesie van Jeremia opgeneem was. Daar is ook aanwysings dat die psalms en die spreuke tot bundels byegevoeg was. (Ps. 72:20). Uit die verskillende versamelwerke het allens drie hoofgroepe ontstaan: die wet (Thora); die profete (Nebiim), en die geskifte (Khetobim). Hierdie drie vorm saam die kanon van die Ou Testament.

Die kerk van die Nuwe Testament het hierdie boeke van die begin af aanvaar. Jesus beroep hom op die O.T. as die "Skrifte".

Aan die einde van die 2e eeu was die bundel bekend, wat later eenstemmig as kanon van die N.T. aanvaar is. Hierdie erkenning het op verskillende kerkvergaderings plaasgevind, o.a. te Hippo Regius (393) en te Carthago (397). Van belang is hier dat die versameling geskied het op grond van die erkenning, nl. *dat dit woorde van God is!* Waar die boeke voor die dag kom, buig die volk (Neh. 8-10). Ons sien 'n boek groei uit die geheimsinnige dieptes van die volkslewe. Wie dit laat groei is God. Wat die volk voortbring is tegelyk werk, skepping van God. Dr. Wielenga wys daarop dat "die ontstaan van die Bybel juis op hierdie punt gelykenis met die vleeswording van die Woord het. Die Heilige Gees het oor Israel gekom, die krag van die Allerhoogste het die volk oorskadu, daardeur word die heilige boek, die Bybel, *Gods boek* genoem, d.w.s.

---

<sup>20</sup> Dr. H. A. van Andel: Godsdienst en Wetenskap, pag. 40.

<sup>21</sup> Gereformeerde Dogmatiek I, pag. 367.

<sup>22</sup> Wielenga, a.w pag. 185.

<sup>23</sup> Wielenga., a.w. pag. 185.

deur God verwek, van God gegee."<sup>24</sup> Daarom vorm dit ook 'n organiese geheel.

[17] Die grootste en brandendste vraagstuk van die Christendom van vandag betref *die gesag van die Bybel*. Vrae soos: Wat is die gesag, waarop rus dit, en hoe ver gaan dit? beklem die gemoedere. Met die Skrifopvatting staan of val die leer, wat die Christelike kerk bely. Wie God vir ons is, wat ons dink van die Christus, word beslis deur ons verhouding tot die Bybel. Die verskillende strominge en splitsinge in die Christendom hou verband met die Skrifbeskouing. Byvoorbeeld: Die ontstaan van die Roomse leer hou verband met die feit, dat die gesag van die pous bo die gesag van die Bybel gestel is. Die liberalisme het begin met die onttroning van die Bybel. Die een maak die menslike rede, die ander die gevoel, 'n derde die wil of die etiese (sedelike) bewussyn tot die beslissende faktor teenoor, of ook wel in die plek van die Bybel. Ons dink ook aan daardie rigtings in die moderne teologie wat 'n dualisme in die Skrif slaan, dit is nl. die beskouing, wat God en mens as twee gelykberegtigde outeurs van die Skrif, naas mekaar werksaam laat wees, elkeen op sy eie gebied en daarom 'n feilbare en onfeilbare kant van die Bybel onderskei. So staan die pad vir die Skrifkritiek oop en word die Bybel onderwerp aan die oordeel van die mens en is sy gesag daarmee heen.

Ons sal veilig gaan deur die oor luisterend te lê by die Bybel en te hoor wat hy self oor die geheim van sy wording sê.

Die Heilige Skrif getuig aangaande homself, dat hy deur die besondere sorg van God tot stand gekom het. Die Skrif verklaar herhaaldelik en na druklik dat dit die Woord van God is, en dit tree op met Goddelike gesag. Ons noem hier 'n paar duidelike getuienisse van die Skrif:

1. God dra menigmaal aan die profete op om die openbaring, wat hulle van Hom ontvang, nie alleen mondeling mee te deel nie, maar ook skriftelik op te teken. Al slaan sulke bevels slegs op 'n klein gedeelte van die Skrif, dit toon tog duidelik dat God sy besondere sorg ook tot die skriftelike optekening van die openbaring uitgebrei het.
2. Moses en die profete is oortuig daarvan dat hulle nie alleen die Woord van die Here spreek nie, maar dat hulle dit ook skrywe. Die hele wetgewing word in die boeke van Moses en verder deur die hele Skrif heen aan God toegeskrywe. Ook die profete is bewus dat hulle, terwyl hulle skrywe, die Woord van die Here verkondig.
3. Hierby kom nog die getuienis van die N.T. Jesus en die apostels haal herhaaldelik uitsprake uit die O.T. aan met uitdrukkings soos: daar staan geskrywe, of: die Skrif sê, of: die Heilige Gees sê. Deur hierdie manier van aanhaal gee hulle te kenne dat die O.T., hoewel uit verskillende dele saamgestel en van verskillende skrywers afkomstig, tog 'n organiese geheel vorm, wat ook in sy skriftelike vorm God tot outeur het.
4. Wat die N.T. betref het Jesus sy apostels <sup>[18]</sup> uitverkies, geroep en bekwaam om in die wêreld as sy getuies op te tree. Hy het hulle daartoe toegerus met besondere gawes en kragte, meer bepaald met die Heilige Gees, wat hulle "in die hele waarheid sal lei" (Joh. 16:13). Dus sou die Heilige Gees in en deur hulle as Jesus se getuie optree.

Hierdie getuienis van Christus moes die apostels nie net aan hulle volks- en tydgenote bring nie, maar aan al die nasies van die aarde (Matt. 28:19). Hierin lê opgesluit die bevel om ook skriftelik van Jesus te getuig. Die apostels is dan ook in hulle sendingsarbeid só deur die Heilige Gees gelei dat hulle na die pen gegryp het en ook deur evangelies en briewe getuienis afgelê het van die volheid van genade en waarheid in Christus.

Hierdie getuienisse van die Skrif wys duidelik daarop dat God, d.i. die Heilige Gees die eerste werkmeester is, wat deur middel van die profete en die apostels in die Skrif

---

<sup>24</sup> a.w. pag. 139, 140.

gespreek het.

## 7. Die Inspirasie van die Heilige Skrif.

Die besondere werksaamheid van die Heilige Gees, waardeur die openbaring te boekgestel is, word gewoonlik met die naam "ingewing of inspirasie" aangedui. Paulus sê: "die hele Skrif is deur God *ingegee*", letterlik staan daar: *theopneustos*. Die Skrif het die asem van God, omdat God se Gees geasem het in die gees van die mense, wat geskrywe het.<sup>25</sup> Die apostel Petrus sê: "geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." (2 Petr. 1:21.) Die profete sê wat vir hulle ingegee is. Hulle ontvang ook die inhoud van die openbaring en dan word hulle opgewek en aangespoor om die openbaring van die raad van God, wat hulle ontvang het, aan die mense bekend te maak. Die Gees is die eintlike segsman of spreker van sy woord, maar by daardie spreek bedien Hy Hom van die profete en apostels as sy organe.

Nou moet ons dit nie so opvat nie asof die Bybelskrywers bewustelose en willose instrumente in die hand van die Heilige Gees was nie. Hulle het nie diens as spreekbuis gedoen nie, maar het self gespreek. Die leiding van Gods Gees in die inspirasie het die selfwerksaamheid van die skrywers nie vernietig nie maar juis bevestig en versterk. Die mens word deur die Gees nie verlaag tot 'n willose en redelose werktuig nie, maar verhef tot die hoogste menslike. Die Gees van die Here het in die apostels en profete ingegaan en het hulle so in diens geneem as mense soos wat hulle is, met hulle eienskappe, hartstogte, aspirasies, ideë, ens., en hulle gelei dat hulle self naarstiglik ondersoek om 'n historiese juiste verhaal op te stel. Dit was God wat deur hulle gespreek het, maar tewens was dit hulleself wat spreek en skrywe. Hulle <sup>[19]</sup> word gedrywe deur die Heilige Gees, maar hulle spreek tog self. Die Gees van die Here het hulle persoonlikheid nie onderdruk nie, inteendeel dit tot verhoogde werksaamheid gebring. Hulle is van hulle jeug af afgesonder, toeberei en bekwaam vir hulle latere taak. Hulle aangebore aard, karakter en neiging, verstand en ontwikkeling, word deur die Gees in diens geneem en gebruik. By die skrywe het hulle hul eie karakter, eie taal en styl behou.

Volgens hierdie opvatting is die inspirasie nie beperk tot die skrywers alleen nie — hulle is die middels, die instrumente van die Heilige Gees by die totstandkoming van die Skrif — maar gaan dit oor *alles* wat geskrywe is. Paulus sê: die *hele* Skrif is van God ingegee. Ons praat dan ook van 'n *volle* of *volledige* inspirasie. Die Skrif self leer dit vir ons baie duidelik. Die Bybel kom na ons toe as 'n organiese geheel, wat uit verskillende dele bestaan, en wat op verskillende maniere aan mekaar verbonde is en hulle eenheid vind in die sentrale gedagte, wat geleidelik ontplooi, dat God die hand van verlossing na die gevalle mens toe uitsteek.

Daarom verwerp ons dan ook al daardie inspirasie-teorieë wat, ten eerste, leer dat 'n deel van die Skrif onfeilbaar is, terwyl die ander deel dwalings bevat. Die onfeilbare deel, wat dus die onmiddellik geïnspireerde is, word meesal betrek op die godsdienstig-sedelike waarhede in die Bybel, terwyl die geskiedkundige, tydrekenskundige mededelings ens., aan dwaling onderhewig is. As ons met ons menslike verstand moet uitmaak wat in die Skrif geïnspireer is en wat nie, stel ons onself aan as regters oor die Skrif.

Maar in die tweede plek verwerp ons ook daardie beskouing, wat sê dat inspirasie en verligting van die Heilige Gees vrywel identiek is. Dit sou beteken dat die inspirasie van die Bybelskrywers slegs gradueel verskil met die van die gelowiges en die Skrif sou dan slegs die middel wees waardeur die indrukke en ervarings van hierdie persone vir die nageslag bewaar is, m.a.w. dan sou die skrywers wel geïnspireer wees maar nie hulle geskrewe woord nie. Hierdie beskouing berooft die Bybel van sy bonatuurlike karakter en dus ook van sy gesag.

---

<sup>25</sup> Wielenga, a.w. pag. 143.

## 8. Die Gesag van die Bybel.

Uit die voorgaande volg dat die Bybel na ons toe kom met *gesag*. En hierdie gesag van die Bybel is volstrek, onvoorwaardelik, soos elke woord, Wat van God kom. Die feit dat God gespreek het beteken die einde van elke teenspraak.

Hierdie gesag van die Bybel kom na ons toe langs organiese weg. Die mens begin met kennismaking; hy lees die Bybel. By die lees ontdek die siel van die mens, dat die Bybel anders as alle ander boeke is. Die Bybel as 'n geheel verskyn aan die mens gelaai met die waarheid, vol van die Heilige Gees, as 'n Goddelike boek. Gods <sup>[20]</sup> heerlijkheid word daarin gesien, Gods stem word daarin gehoor. Die mens onderwerp hom aan die gesag van die boek. Hy neem die inhoud as waarheid aan en doen wat die boek sê.

Die vraag is nou: waarop berus die oortuiging dat die Bybel Gods woord is? Die orgaan waardeur die mens die Bybel as Woord van God leer ken is die geloof. Die sonde het hierdie orgaan ook aangetas sodat dit nie meer ten opsigte van God en sy Woord funksioneer nie. Die Almagtige, alles-herskeppende Gees moet die mens deur 'n grondige geestelike vernuwung, 'n wedergeboorte, leer glo. Daartoe gebruik die Heilige Gees die Bybel wat deur die inspirasie sy eie werk is. "Die Gees van binne lei na die Woord daarbuite. Die getuigenis (testimonium) in die siel lok die *ja* op die getuigenis in die Skrif . . . Die geloof ontvang die waarheid uit die Skrif, soos die oog die ligstrale opvang uit die son."<sup>26</sup> Die band van die siel aan die Skrif as die Woord van God lê agter die bewussyn en onder die bewyse; dit is mistiek van aard net soos die geloof aan die beginsels in die verskillende wetenskappe.<sup>27</sup> Namate die mens in die geloof toeneem, klem hy vaster aan die gesag van die Woord van God.

As Woord van God staan dit hoog bo alle gesag van mense in staat en maatskappy, in kuns en wetenskap. Vir hierdie gesag moet alle ander gesag wyk, want God moet meer gehoorsaam word as mense. Hierdie gesag geld vir die hele mens en vir die hele mensheid. Dit staan bo verstand en wil, bo hart en gewete. Hierdie gesag is onbeperk, absoluut omdat dit Goddelik is. Die Bybel eis van ons geloofsgehoorsaamheid op wat ons hele lewe betref. 'n Skrywer stel hierdie waarheid kort en bondig as volg: "In die Bybel roep Jesus Christus op tot geloofsgehoorsaamheid op alle fronte van die lewe, die totaliteit van die bestaan moet aan Hom onderwerp word. Hy vra gehoorsaamheid met die hart, die verstand en alle kragte," en dan voeg hy waarskuwend daaraan toe: "Een van die bedenklikste verskynsels in die situasie van die hedendaagse Christendom is dat daar soveel Christene is wat die konsekwensies van hulle geloof nie sien vir hulle hele lewensopenbaring op alle gebiede waarin God hulle plaas nie. Ek het Dr. Kramer in hierdie verband eenkeer van onwedergeborenhed hoor spreek. So 'n Christendom moet op 'n vergissing berus. Die vergissing skyn my hierin te lê dat die evangelie aan sulke mense alleen as 'n gemoedsaak gebring is en nie duidelik genoeg aangedring is op bekering oor die hele linie van die lewe nie. Die enigste moontlikheid om die gevaar te besweer, is 'n egte Calvinistiese verkondiging van die Woord van God, waarin opgeroep en saamgestry word, om die erkenning van <sup>[21]</sup> Christus as Here in alle situasies en funksies van die lewe."<sup>28</sup> Die gesag van die Woord van God is onbeperk. Dit gaan oor alle dinge: die individuele lewe van die mens, die sosiale omgang, die kultuur en die volkslewe, die huisgesin, die maatskappy, die staat, die skool, die kerk— geen enkele terrein van die lewe uitgesluit nie.

Vir al die vertakkinge van die lewe vind ons in die Bybel die hoofbeginsels waar van uitgegaan moet word. Dr. J. D. du Toit sê so mooi: "Vir die gelowige is dit 'n goudmyn van oneindige rykdom. Maar — en dit is die punt waar dit nou op aankom — die myn moet langs die weg van moeisame arbeid ontgin word. Die goudstukkies en

---

<sup>26</sup> Wielenga, a.w. pag. 147.

<sup>27</sup> Sien Dr. J. D. du Toit: Die Bybel die Woord van God, pag. 17. Vgl. ook H. H. Meeter Calvinism, p. 54.

<sup>28</sup> Ds. J. Verkuyl, aangehaal by du Toit, pag. 25.

goudstippels, soms o so fyn, moet uit die rotse gehaal en tot blokke gevorm word. En dan eers kan die edele metaal tot munt gestempel word."<sup>29</sup>

## 9. Die Verklaring van die Heilige Skrif.

Vir die verklaring van die Heilige Skrif is dit van die allergrootste belang dat altyd in gedagte gehou moet word wat hierbo met nadruk verklaar is, nl. dat die Bybel 'n geestelike organisme is wat, nieteenstaande groot verskeidenheid, tog 'n onverbreeklike eenheid vorm. En dan staan dit vas dat die skrywer van 'n boek self sy gedagtes die beste kan verklaar of uitlê. Die uitlegging van die Skrif kan net Hy gee van wie die Skrif kom, nl. die Heilige Gees. En nou doen Hy nie die werk van die uitlegging onmiddellik, soos die Wederdopers met hulle sg. inwendige lig beweer nie, maar middellik. Hy gebruik daarby as middel die wetenskaplike studie, die bediening van die Woord en die geestelike ervaring van die gemeente, en dit is die inwerking van hierdie drie faktore op mekaar, waardeur die Heilige Gees in die loop van die tye toon, watter lyn van uitlegging afbuig van die waarheid en watter lyn van uitlegging gevolg moet word deur hom wat die Woord wil verstaan.<sup>30</sup>

Die taak van die eksegeese (Skrifuitlegging) is om te vra: Wat openbaar God vir ons in sy Woord. Die Skrifverklaarder moet die openbaring in die Bybel opvang en sy inhoud weergee, soos 'n diamant die ligstrale opvang en weerkaats. Wanneer ons 'n bepaalde Skrifgedeelte verklaar, moet die vraag gestel word wat spreek daardie gedeelte my toe, wat sê dit, wat openbaar dit. Verder moet ons ons afvra wat is die hoofgedagte van die bepaalde Skrifgedeelte, en die diepere sin daarvan.

Vir die goedverstaan van die Skrif is dit noodsaaklik dat ons dit lees in die taal waarin dit oorspronklik geskrywe is, nl. Hebreeus vir die O.T. en Grieks vir die N.T. 'n Vertaling gee so maklik 'n heeltemal ander indruk as die oorspronklike.

Die wetenskaplike verklaring van die Heilige Skrif deurloop verskillende stadia of trappe. Voorop gaan die <sup>[22]</sup> grammatiese eksegeese. Hier word gelet op die woordvorme en die sinsbou sodat die juiste betekenis van 'n bepaalde teks of Skrifgedeelte vasgestel kan word.

Op die grammatiese eksegeese volg nou die historiese, waarby die teks of Skrifgedeelte toegelig word vanuit die tydsomstandighede waaronder dit geskrywe is. So word, bv. toegelig die gebruike en gewoontes, die mate, munt en gewig, wat in die betrokke Skrifgedeelte genoem is.

Ook moet by die Skrifverklaring rekening gehou word met die feit dat die Heilige Gees mense gebruik het as sy instrumente sonder om daarby hulle persoonlikheid te vernietig, daarom sal daar dan ook op die individuele eienaardighede van die Bybelskrywers, hulle styl, woordgebruik, doel wat hulle beoog by die skrywe gelet moet word om sodoende die juiste bedoeling van wat hulle geskrywe het te kan bepaal. Dit word gewoonlik die psigologiese (sielkundige) eksegeese genoem.

Noukeurige kennisname van die verband waarin 'n Skrifgedeelte voorkom is noodsaaklik. 'n Teks of Skrifgedeelte mag nie uit sy natuurlike samehang losgeruk word nie, nie buite verband geruk word nie. Die samehang moet altyd geraadpleeg word. Nie alleen behoort daarmee die plekke wat onmiddellik aan 'n teks of Skrifgedeelte voorafgaan of volg vergelyk te word nie, maar ook alle gelykluidende, parallelle en skynbaar teenstrydige tekste. Elke Skrifuurplek wat lig werp op 'n teks, wat verklaar moet word, moet daarby betrek word. Die duidelike plekke moet lig werp op die duistere. So alleen kan die reël dat die Skrif homself moet verklaar, volbring word.

Nie alleen moet 'n teks met andere dele van die Skrif vergelyk word nie, maar ook met die Skrifgeheel. Die Skrif is 'n eenheid wat nooit met homself in stryd kan kom nie.

---

<sup>29</sup> a.w., pag. 43.

<sup>30</sup> Dr. A. Kuyper, Het werk van den Heiligen Geest. pag. 256.



Die man wat die Woord van God wil verstaan, moet ook aansluiting soek by die arbeid van die eeue, waarvoor die suiwere resultaat in die belydenis van die kerk neergelê is. Dit moet vir hom as leidraad dien en daarvan mag hy nie afwyk nie, tensy dat Gods Woord hom daartoe dwing. Kuyper stel dit so voor: "Niet aanvangen met alles te betwifelen, en eerst zien of men op grond van eigen onderzoek niet op hetzelfde uitkomt, waarop de confessie zijner Kerk staat; maar omgekeerd uitgaan van de *praesumptie, dat zijn Kerk gelijk heeft*, maar dit tegelyk onderzoeken, en er slegs tegen ingaan, als men bevindt, dat Gods Woord hem hiertoe noodzaakt. Dan *moet* het natuurlijk, maar dan heeft het, zoo het eenig stuk van aanbelang betreft ook terstond breuke met zijn Kerk ten gevolge, tenzij de Kerk hare confessie in den door hem bedoelden zin wijzige."<sup>31</sup>

[23] Dit staan tog vas dat die hele leer onder die verligting van die Heilige Gees, wat deur die Christus aan die Kerk toegesê is, uit die Skrif afgelei is en dat die hele Skrif in die leer verwerk is.

Daar is 'n aantal foute waarteen ernstig gewaak moet word en wat vermy moet word. Ons noem in die eerste plek die *op die klank af aanhaal* van tekste. En in nou verband hiermee staan die *uit sy verband uitruk* van 'n teks. Uit wat hierbo oor die Skrif as organiese geheel gesê is, sal dit duidelik wees dat hierdie twee foute die Skrif geweld aandoen.

'n Nog groter kwaad is dat *eie gedagtes in die Skrif ingedra* word. Dit gebeur veral by die profetiese en apokaliptiese gedeeltes, wat dan na eie kleur en insig vertolk word. Hand aan hand met hierdie misbruik van die Skrif, gaan ook daardie eensydige gebruik van die Skrif om eie gedagtes aan enkele tekste op te hang—die sg. gebruik van 'n spykerteks.

Dit is veral die sektes wat die meeste die bogenoemde foute begaan. Hulle gebruik die Skrif om alle moontlike en onmoontlikhede plekke bewyse aan te bring vir die waarheid van die leer wat deur hulle gehuldig word. Van bysaak word dikwels hoofsaak gemaak. Net 'n sekere waarheid of waarhede word gehuldig en alle moontlike tekste word saamgeflans, só dat dit vir die oningewyde soms skyn asof die Skrifbewys vir die standpunt van die sekte oorweldigend en onweerspreklik is, juis omdat, soms met groot ywer en welsprekendheid, alle gegewens van die Skrif, wat maar enigins in die rigting wys opeengestapel, selfs van buite geleer, en as deurslaggewende Skrifbewys aangedien word. Van gegewens uit die Skrif wat die teenoorgestelde bewys, neem die sekte geen kennis nie, of verswyg dit, of weet met 'n handige eksegeese die strekking daarvan te verdoesel. Met behulp van 'n vooropgestelde gedagte word die hele Skrif vervorm en verdraai. Dit is duidelik dat dit Skrifmisbruik in die ergste graad is: die Skrif word so verwring om 'n leuen te regverdig, 'n dwaling goed te praat !

## 10. Slot.

Aan die Woord van God bly ons ons hele lewe, onder alle omstandighede gebonde. Omdat ons glo dat die Skrif Gods Woord is, daarom vra ons wat ons moet glo en doen; daarom toets ons meninge en dade daaraan; daarom oordeel ons, dat geen stelling vir gesaghebbend verklaar mag word voor dit nie uit die Skrif bewys is nie. Leer en lewe moet op die Skrif gegrond wees.

Wat 'n skat is 'n ryk Skrifkennis nie in hierdie verband nie. As God ons die voorreg geskenk het om van jongs af by die Skrif te lewe, wat ons in ons ouerhuis gereeld om die huistafel gehoor lees het, en na ons groot geword het, dit self getrou gelees en persoonlik ondersoek het en gereeld bediening van die Woord van God gesoek <sup>[24]</sup> het, dan sal die vrug van dit alles onder die seën van die Here wees, dat ons tuis in die Skrif sal wees en 'n betroubare gids vir ons hele lewe besit. Watter kragfiguur was wyle Pres. Kruger nie en moet dit nie hoofsaaklik daaraan toegeskrywe word nie, dat Gods Woord vir hom ten alle tye en onder alle omstandighede 'n lamp voor sy voet en 'n lig op sy pad

---

<sup>31</sup> Kuyper. Encycl. II. pag. 531.

was nie?

Voortdurende Skrifstudie moet ons altyd dieper inlei in die rykdom van die Skrif en so kan ons die lig van Gods Woord altyd laat val op al die terreine van die lewe en elke nuwe probleem in die lig van Gods Woord benader.

Watter groot gawe het God ons nie in sy Woord toevertrou nie! Laat ons hierdie medisyne aan 'n kranke wêreld gee! Laat ons hierdie brood aan die verhongerde mensheid gee! Laat ons dink aan die melaatse by die poort van Samaria toe die Here op wonderbare wyse die Arameërs verdrywe het, en hulle geëet en gedrink het en daarop gesê het: Kom dan nou, laat ons gaan en dit in die stad vertel.

Mag ons die Woord van God meer liefhê, beter gebruik en tot groter heerskappy in ons lewe laat geld. Uit die hart van elke Calvinis moet die sug opstyg: "Omdat ons van nature blind is en onbekwaam tot enige goed, en U ook niemand wil aansien wat nie ootmoedig en verslae van hart is nie en vir u Woord vrees nie, daarom bid ons U dat U ons duistere verstand wil verlig met u Heilige Gees en ons wil gee 'n sagmoedige hart waaruit verwyder is alle verwaandheid en vleeslike wysheid wat vyandskap teen U is, sodat ons, as ons u Woord hoor, dit reg verstaan en ons lewe daarna inrig."<sup>32</sup> As ons só deur die Gees van God meer in sy getuienis ingelei word en dit oor ons en onder ons laat heers, dan sal aan die einde die jubeltoon uit ons hart kom: Die lig is vir die regverdige gesaai en vrolikheid vir die opregtes van hart.

---

<sup>32</sup> Liturgiese gebed voor die Kategismusprediking, aangehaal deur dr. J. D. du Toit. a.w. pag. 47.

## [25] II. LIBERALISME OP GODSDIENSTIGE GEBIED.

(Deur dr. S. J. van der Walt)

Ons wil in hierdie artikel enige hoofstrominge behandel, wat op die gebied van die godsdiens ons volk wegvoer van sy histories-Calvinistiese grondslag. In algemene sin kan ons dit saamvat onder die term "liberalisme," as ons dan daaronder verstaan ontbinding en losmaking van die gesag van die H. Skrif, om op die vaarwaters van eie gevoel of insigte ons godsdiens self te bepaal. Daar is verskillende dergelike rigtinge in ons land, wat die geestelike grondslae van ons volk ondermyn. So is daar bv. die verstandsgodsdiens van die modernisme, die gevoelsgodsdiens van die metodisme, die transendentalistiese godsdiens van die Barthianisme, die kerkistiese godsdiens van Rome, die spiritualistiese godsdiens van die sektewese en die materialistiese godsdiens van die kommunisme. En dis oor hierdie verskillende rigtings dat ons dan oorsigtelik wil skrywe. Dis natuurlik onmoontlik om in die bestek wat ons toegesê is breedvoerig oor elke rigting uit te wy. Ons kan alleen vanuit ons Calvinistiese standpunt aforisties die hoofmomente van die strominge aandui en bstry. Wel is al hierdie strominge nie ewe sterk verteenwoordig in ons volkslewe nie, maar tog is hulle daar en vorm hulle 'n wesenlike gevaar vir die ware Christelike struktuur van ons volkslewe. En dis noodsaaklik dat ons ons oë vir die gevare oopmaak en 'n stewige front daarteenoor stel.

### DIE MODERNISME.

Die modernisme is moontlik die grootste en gevaarlikste vyand van die Christendom. Dis 'n soort godsdiensbeskouing wat opgekom het uit die moderne kulturele wêreld en staan in verband met die geweldige vooruitgang van die wetenskap en die tegniek, wat die mens losgeruk het van die ankers van die tradisie en die storie en hom 'n gevoel van eiewaarde, ja byna van almag en selfaanbidding gegee het. Ook in sy teologiese denke en religieuse lewe voel die moderne mens hom ver bokant die vorige geslagte verhewe en wil hy self die aard van sy eie wese en bestemming vasstel en bepaal. Hy sien nie meer kans om te keer op die beskouinge en opvattinge wat aan hom oorgelewer is uit die grys verlede nie. Hy wil *wetenskaplik* wees ook in sy godsdiensbeskouinge en hom alleen deur sy *rede* laat lei. Hierdie modernisme het veral teen die tweede helfte van die vorige eeu opgekom en ook hier in ons land sy verskyning gemaak. Dit het veral in die geleedere van die geleerdes aan universiteite ens., maklike ingang gevind en daarvandaan deurgewerk in die breë volkslae. Daar is meer as een heftige kerkstryd gevoer teen die modernisme, maar [26] dit is nog baie ver van oorwonne af. Dit het die strydkreet van "liberalisme" aangehef en die skyn *gegeen* asof dit eintlik veg vir vryheid van die gewete. In werklikheid egter is die modernisme uiters bekrompe en onverdraagsaam en het dit gelei tot 'n slaweryk van sondediens en verwildering, wat die moderne mensheid in 'n toestand van wanhoop en verbittering gebring het.

Die moderniste is vyande van elke gedagte van 'n bonatuurlike Godsopenbaring. Daarom glo hulle ook nie aan die moontlikheid van wonderwerke nie. God gryp nêrens en nooit in die vaste en onwrikbare gang van die natuurprosesse, wat deur ysterwette regeer word, in nie. Daarom is die hele gedagte van 'n besondere boek, die Bybel, 'n besondere volk, Israel, 'n besondere Messias, Jesus Christus, 'n besondere godsdiens, die Christendom alles verwerplik. Vir die naturalistiese denke van die modernis is sulke dinge soos die sondeval, die vleeswording van God, die opstanding uit die graf, die wêreldvoleindig deur die laaste oordeel pure onsin. Dit alles stry met die wetmatigheidsgedagte en die eenvormigheidsgedagte. Alles moet uit en deur die natuur verklaar word. Die skepping het nie anders tot stand gekom as deur streng natuurwetmatige prosesse van seleksie en ontwikkeling deur miljoene jare heen nie. Die ewolusieleer is die sjibbolet van die modernisme. Ewolusie is die "god" wat alles gemaak het en in stand hou en waarin alle lewensvorme gefundeer is. Sedelik goed is dit wat die meeste nut en genot vir die meeste mense meebring. Van goed en kwaad in absolute sin kan daar g'n sprake wees nie. Alles hang van omstandighede af. Alle waarheid, goedheid en skoonheid is relatief en niemand kan met dogmatiese sekerheid sê wat waar, goed en mooi is nie.

Vir sover die regs-modernisme nog van God praat, bedoel hulle daardeur veelal 'n onpersoonlike krag wat in die natuur werksaam is of 'n onbewuste geestelike wese of entiteit wat in die skepping is en wat langs die weg van ewolusie tot volle persoonlikheid en bewussyn kom, veral in die mensheid. God is eintlik besig om Homself te word en te vind in die skepping en kan also nie van die skepping of natuur onderskei word nie. God en mens is wesenlik een en godsdiens kan dus ten slotte niks anders wees nie as selfaanbidding en mensediens.

Jesus Christus het as sodanig geen plek in die Modernisme nie. Wel praat hulle nog met respek van Hom as Man van Galilea, maar hulle sien in Hom nie die historiese Redder van die wêreld nie. Hulle beskou Hom as 'n groot Godsdienstige, 'n religieuse genie, 'n sedelike voorbeeld, van wie se nagedagtenis 'n geweldige invloed op die wêreld uitgegaan het, maar hulle sien in Hom nie die Seun van God wat vir ons sondes gely en deur sy persoonlike opstanding uit die dood vir ons die dood oorwin het nie. Trouens van sonde het die modernisme g'n begrip nie.

[27] Hulle ken alleen maar 'n toestand van onvolmaakte ontwikkeling by die mensheid, maar van sonde as ongehoorsaamheid teen God en aanranding van sy heilige majesteit weet hulle niks nie. God word beskou as die Vader van alle mense en almal is mekaar se broers. Almal dien God maar na die beste van hul vermoë en daar is geen wesenlike onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges nie. Alle gelowe bevat elemente van waarheid en dwaling en ons moet trag om uit dit alles die algemeen menslike godsdiens te kristalliseer. Dit is ten slotte nie wat mens *glo* nie, maar hoe jy *lewe*, wat van betekenis is.

Uit dit alles moet dit nou vir ons duidelik wees dat die modernisme met die Christelike godsdiens niks uitstaande het nie, as dit selfs 'n godsdiens genoem mag word. Maken sê dat selfs die Rooms-Katolieke godsdiens veel nader staan aan ons godsdiens as die modernisme. Die moderniste ken g'n persoonlike God wat bokant en buitekant sy skepping staan nie. Alles is hier God en elke lewensuiting, goed of kwaad, is feitlik godsdiens. Maar as daar g'n God buite ons bestaan nie, is dit tog duidelik dat daar ook g'n *verhouding* tussen God en ons kan bestaan nie. Van aanbidding en verering van God deur sy skepsel kan hier g'n sprake wees nie.

Die modernisme is 'n trotse en eiegeregtige soort godsdiens, waarin die mens homself op die troon verhef om te beslis oor goed en kwaad, oor waar en vals. Die mens is hier outonoom en stel homself bokant Gods Woord. Vandaar al die bittere aanslae op die Heilige Skrif. Tog het dit geblyk dat die Skrif homself handhaaf, terwyl die menslike teorieë gedurig wissel en selfs die ewolusie-gedagte vandag deur vele prysgegee is of omgebou is tot 'n soort naturalistiese skeppingsleer. Nog nie op 'n enkele punt is bewys dat die Skrif werklik bots met die wetenskap nie.

Ons moet daarom ten seerste wakker loop vir die dodelike gevaar van die modernisme. Dit verstaan die kuns uitnemend goed om na ons te kom as 'n engel van die lig, met soet klinkende lokstemme. Maar dis in sy wese die dier (valse godsdiens of kultuur) van Openbaring 13:11. Hy het horings soos 'n lam en *lyk* na 'n kerk, maar is van binne 'n verskeurende wolf. Die hele stuwing agter die Wêreldraad van Kerke is modernisme. Dit wil alle gelowe saambind in 'n algemene sinkretistiese mensheidsgodsdiens en dis die dood van die Christendom. Dis dieselfde strewe na 'n algemene menslike godsdiens wat ons in die antieke wêreld gevind het by Grieke, soos Anaxagoras, Socrates, Plato ens. Dis dieselfde soort mensaanbidding en mensvergoding as wat ons by die Oosterse teosofie kry.

Dit gee g'n krag tot sedelike verheffing nie en bied g'n troos aan 'n sterwende en sinkende mensheid nie. Inteendeel het dit gelei tot die sedelik-godsdiensige [28] ontwrigting van ons tyd, met sy helse nasleep van verwoesting, ellende en dood wat ons vandag op die aarde aanskou, G'n wonder dat sommige moderniste begin skrik vir die gevaarlike konsekwensies van hul opvattinge nie. Is daar nie diep in sy hart 'n selfbeskuldiging" nie, as 'n man soos Roessingh sê: "Wilt gij mij een ketter noemen, een Godlochenaar, een man, die Christus van zijn eer berooft, een, die maar met een schijn

van bezit door de wêreld gaat, en feitlik niets heeft, dan sta ik machteloos." Hier erken die modernisme sy innerlike armoede en ook sy gevoel van ongelukkigheid. Dit bied g'n vrede of troos vir sy eie aanhangers nie Mag God ons en ons kinders teen so 'n godsdiens bewaar!

## **DIE METHODISME.**

Die eintlike vader van die metodisme is John Wesley, gebore in Engeland in 1703 en gestorwe in 1791. Vandaar het hierdie godsdienstige stroming hom versprei na Amerika, Skotland, Suid-Afrika en ander lande. Veral in ons land het dit 'n sterk houvas verkry deur die Skotse predikante wat hierheen ingevoer is in die vorige eeu. Dit het onder ons mense veral by die N.G. Kerk 'n groot rol gespeel, selfs tot vandag toe, alhoewel daar gelukkig in die later jare 'n sterk kentering gekom het.

Die metodisme is 'n gevoelsgodsdiens. Dit is gewortel in die piëtisme (vroomheidsstrewer) van die Duitse Morawiërs of Hernhutters. Dit was in die eerste plek 'n reaksie teenoor die koue rasionalisme (verstandsverheerliking) van die deïsme, wat in die 18e eeu hoogty gevier het. Godsdiens was beskou as 'n kwessie van redenasie en bewysvoering en het eintlik ontaard in blote moraalprediking. Die menslike deugsamheid is aangeprys as die weg van selfverlossing en die menslike heil is gesoek in die weg van sosiale verbetering en sedelike ontwikkeling. In sy godsdiens was die mens maar net met homself besig. Die mistieke liefde van die hart het g'n plek daar gehad nie.

Daarteenoor het Wesley in reaksie gekom. In sy studentejare reeds het hy 'n kringetjie van Bybelstudente gevorm, wat hulle toegelê het op Skrifstudie en gebedsure en vaste. Ook het hulle 'n streng askese toegepas in hul lewe. En vandaar het die metodisme soos 'n vuurbrand versprei. Elke volgeling van Wesley is beskou as 'n evangelis wat die wêreld moes bekeer. Daar moes weer warmte, gloed, besieling kom in die verhouding van die mens tot God. Oral is kringe of "societies" gestig, wat feitlik 'n kerkie in die kerk moes wees. En deur hulle is bekeringsveldtogte georganiseer, wat veral in die sg. "revival-meetings" hul brandpunt gevind het. Die prediking is toegespits op één enkele punt, nl. die bekering. Dit was die een en al van die prediking. Die mense is <sup>[29]</sup> verskrik en geskok deur strawwe oordeelsprediking en is massagewyse tot bekering gedwing. Dit het dan gewoonlik gepaard gegaan met geweldige gevoelsopwinding en senuwee-gespannenheid, wat mense laat uitskreeu het en soms teen die grond laat neerslaan het. Almal moes volgens hierdie bepaalde *metode* tot bekering kom, vandaar die naam metodisme. Elkeen moes die uur van sy kragdadige bekering kon vermeld. En daarna moes elke "bekeerde" weer ander bekeer. Elkeen was beskou as 'n sendeling, wat moes arbei om die wêreld vir Christus te win. Selfs kinders is georganiseer in allerlei bonde en het dan saamgekom om bekeringswerk te doen. "Siele wen" was die slagwoord van die metodisme. Daartoe moes elke "bekeerde" dan getuig (witness) van sy eie bekerings, om andere te beweeg om ook diestelfde stap te neem. Om die bekeringsveldtogte nog meer indrukwekkend te maak, is veldprediking ingestel. Ook is daar op allerlei buitengewone tye kerk gehou, o.a. in die sg. "watchnights" en dan veral in die oujaarsnag, by die oorgang tot die nuwe jaar.

Dit was o, so 'n indrukwekkende, so 'n aangrypende uur om te vergader, en het vanself die gevoelstemming geskep om die mense tot "bekering" te bring.

Alhoewel daar mooi en waardevolle elemente in die metodisme is, is dit tog 'n ondiepe godsdiens en 'n vrugbare bodem vir sektariese neiginge. Die metodisme bevorder die sektewese, omdat dit feitlik al die vernaamste kenmerke daarvan in hom dra. Dis 'n soort beskaafde of kerklike sekte, in teëstelling met die gewone sektes wat geneig is om van die kerk af weg te breek en soms ook in ruwe uitspatlikhede verval. Die kringe of "societies," wat vandag weer in die Oxford-Groep, A.E.B. en dergelike beweginge teruggevind word, het by die metodisme wel 'n kerklike georganiseerde gestalte aangeneem, maar was oorspronklik tog maar sektariese groepe, wat hulself binne die kerk gevorm het. Die metodisme ken eintlik net "bekeerdes" en het min begrip van die

kerk as liggaam van Christus.

Hulle prediking ken net één tema, en dit is bekering en nogmaals bekering. Die volle Raad van God, soos in Christus geopenbaar, word nie gepreek nie. Van diepgaande Skrifstudie is daar weinig te vinde. Meesal word die preek opgebou uit allerlei interessante en aangrypende verhale, om die bekeringsgedagte te illustreer. Die metodisme is nie 'n mondige godsdiens nie. Dit dra iets van die kinderagtige in hom, alhoewel hy dit baie ernstig meen. Dit kan egter alleen bevrediging gee aan mense wat geestelik nog in die kinderskoene staan en dus met melk gevoed moet word. Soos kinders deur allerlei beeldspraak en aanskoulikheid geleer moet word, so is die metodistiese sensasionalisme vir sekere mense wonderlik mooi en aantreklik. Dit kan egter nooit bevrediging gee aan diegene wat <sup>[30]</sup> diep geestelik lewe en wat behoefte het aan die vaste spyse van Gods Woord nie.

Die metodisme is ook uiters oppervlakkig in sy verwerping van die uitverkiesingsleer en die aanvaarding van 'n algemene versoeningsleer. Hiervolgens is dit moontlik vir elke mens om hom te beheer. Die mens het 'n sg. vrye wil en beslis self oor sy ewige wel of wee. Christus het nie net vir die uitverkorenes gesterf nie, maar vir *alle* mense. Die metodisme is dus Arminiaans en wesenlik ongereformeerde. G'n wonder dat hulle ook die leer van die perfeksionisme aanhang nie! Dis moontlik om in hierdie lewe volkome heilig te word en eers *dán* is ons voor God geregverdig. Die mens se saligheid word also in sy eie hande gestel en hy kan sy eie heil uitwerk deur hom te bekeer en die goeie na te strew.

Die metodisme glo ook aan herhaling van die pinkster-wonder, nl. die uitstorting van die Heilige Gees. Daarvoor moet veral in pinkstertyd gebid en gewag word. Ons moet ons harte geskik maak om die H. Gees te ontvang en ook die pinksterseën te verkry. Hulle vergeet dus dat Christus sy Gees gestuur het om vir ewig by ons te bly en in ons harte *woning* te maak (Johannes 14 verse 16 en 17). Hulle maak weinig verskil tussen die *inspirasie*, waarmee die profete en apostels vervul was en die *illuminasie* of verligting deur die Heilige Gees, wat elke gelowige deelagtig is.

Die metodisme het g'n offisiële kerklike belydenis nie, behalwe die geskrifte van Wesley. Daar bestaan dus 'n groot mate van leervryheid. Dis 'n maklike en gerieflike soort godsdiens, want dis eintlik net beperk tot die hart en tot die Sondagsgodsdiens. Teenoor die natuurlike lewe, politiek, wetenskap, kultuur ens. is die metodisme eintlik onverskillig of neutraal. Jy kan dus met jou hart 'n Christen wees en met jou hoof 'n heiden. Om die studerende jeug te kersten word nie die wetenskap "in U lig" beoefen nie, maar word allerlei studente-organisasies gestig om die studente saam te bring in gemoedelike byeenkomste en gebedskringe.

Die metodisme is miskien een van die gevaarlikste godsdiensstrominge in ons volk, omdat dit so onskuldig en so erg vroom voorkom. Tog het dit ons volk oneindig skade gedoen, deur ons geestelik te veroppervlakkig en te verlam. As die Calvinisme in ons volk vryelik kon deurgewerk het, sou ons lankal 'n stewige Boererepubliek en 'n stelsel van C.N.O. skole gehad het. Die metodisme is 'n gevoelsplant wat welig en vinnig opskiet, maar ongelukkig net so gou weer verdor en verkwyn.

### **[31] DIE BARTHIANISME.**

'n Stroming of godsdiensrigting wat geweldig baie opgang gemaak het in ons tyd is die Barthianisme of dialektiese teologie, soos dit genoem word. In ons land word dit nog nie so openlik bepleit nie, maar dit het tog baie aanhangers en laat sy invloed geld, waar dit soms miskien nie eers vermoed word nie.

Hierdie teologie wil graag deurgaan vir gereformeerde en het ook sekere tendense van die Reformasie, wat dit die skyn gee van die ortodokse geloof. Tog is dit niks meer as skyn nie.

Die Barthiane self maak heftig beswaar daarteen om 'n rigting of stroming genoem te word. Tog is dit 'n stroming wat voortvloei uit die eensydige beklemtoning van God se

transendensie of bo-wêreldlikheid. Dis die uitgangspunt van hierdie rigting. God is die gans Andere. Hy is op geen manier in die wêreld of die geskiedenis teenwoordig nie. God se openbaring in Christus beteken niks minder nie as die opheffing of beëindiging van die geskiedenis, d.w.s. van *ons* geskiedenis. Dit is wel 'n historiese werklikheid, maar nie 'n werklikheid in *ons* geskiedenis nie. Christus het, vir sover Hy, as Jesus, tot *ons* geskiedenis behoort het, gesterwe en *anderkant* die doodslin in die ewigheid opgestaan. Die nuwe wêreld in Christus is nie 'n verlengstuk van ons wêreld nie, maar behoort tot 'n gans ander orde. Van God, die ewigheid, die hemelse dinge kan ons in ons menslike beperktheid totaal niks weet of selfs eers daarvoor spreek nie. Anders sou ons Hom nie deur *openbaring* hoef te ken nie en ook nie deur die *geloof* met Hom in verbinding hoef te kom nie.

Barth maak 'n absolute teëstelling tussen God en wêreld en ruk die twee sover uitmekaar dat hy hulle nie weer bymekaar kan kry nie. Daar bly dus van God se immanensie of die inwonende werksaamheid van sy Gees in ons harte en in hierdie wêreld niks oor nie. Barth beskou die sonde, wat die wêreld aangetas het, van die aard dat die bestaan van die wêreld in sy wese 'n weerspreking is van God en dat God Hom dus op generlei wyse in ons wêreld kan openbaar nie. God spreek dus wel tot ons in kosmiese of wêreldse vorm of gestalte, maar dan is daardie vorm eintlik 'n weerspieëling van God se openbaring. Daarom *is* die Bybel nie Gods Woord nie; Jesus, as mens, *is* nie die Christus nie. Dit wys maar net *heen* na die eintlike openbaring van God wat daaragter lê. Barth het dus nie die minste beswaar om die Bybel as sodanig uit te lewer aan die historiese kritiek nie en ook niks daarteen dat die lewe van Jesus uit 'n histories-psigologiese oogpunt ondersoek word nie. Barth self is wel tamelik behoudend teenoor die kritiek op die Skrif, maar prinsipieel het hy daar g'n beswaar teen nie en in die skeppingsverhaal bv. sien hy maar eintlik net 'n allegorie of <sup>[32]</sup> figuurlike skildering in sage-vorm van die verhouding tussen God en die wêreld. Hierdie verhouding is 'n wanverhouding, waardeur die skepsel homself losgeskeur het van die Skepper en dit is die sondeval. Die sondeval soos in Gen. 3 geskilder, is dus nie 'n historiese gebeurtenis nie, maar duie eenvoudig aan die verskeurde en gebroke bestaan van die skepping as sodanig. So ook is die herstel van die skepping, die nuwe hemel en nuwe aarde nie historiese dinge wat eenmaal met die wederkoms van Christus sal plaasvind nie. Nee, dit duie eenvoudig aan die herstel van die gebroke gemeenskap met God en vind altyd en oral plaas waar ons in die geloof met God in aanraking kom, waar Hy Hom in Christus aan ons openbaar.

God se openbaring in Christus *is* dan ook, volgens Barth, die versoening van die wêreld met God. In die sterwe en opstanding van Christus *demonstreer* God aan ons dat Hy ons in genade aangeneem het en dat ons sondes versoen is. Gevolglik is Barth dan ook geneig om 'n universalistiese verlossing van alle mense voor te staan. Uitverkiesing en verwerping beteken nie dat God sommige mense aanneem en andere veroordeel nie, maar 'n wyse van voorstelling om ons te laat verstaan dat God die sondaar wat hy verwerp, terselfdertyd regverdig in Christus en aanneem as sy kind. Elke Jakob is 'n Esau en elke Esau ook 'n Jakob. Hieruit volg dan dat elke mens, ook die Christen, in *hierdie* lewe niks van die heiligheid in Christus besit nie. As mens is en bly hy 'n sondaar en *besit* hy niks van Gods genade in hom nie. Dis alles uitstaande en word eers sy deel as hy deur die geloof van sy menslik-historiese bestaan verlos word en deel kry aan die opstandingslewe van God in Christus, wanneer hy met God self volkome identies sal wees. Die godsdienstige mens is eintlik die grootste sondaar, omdat hy van homself uit reik na die goddelike en in die hemel wil opklim. En dit pas Barth nie alleen toe op die humanisme, wat uit eie krag die mens wil vergoddelik nie, maar op elke vorm van godsdienste en vroomheid, ook die Christelike. Van Niftrik druk dit so uit: "Ook na bekering en wedergeboorte zijn en blijven wij menschen, wier leven één stuk zonde is — óók hun geestelijk en kerkelijk leven, — menschen, die alleen maar leven kunnen van genade, d.i. van de rechtvaardiging van den in zichzelf goddeloze."

Die Barthianisme kan dan ook nie kom tot 'n teologiese etiek nie. Daar is geen beginsels waarvolgens ons ons lewe moet inrig nie, behalwe net dat ons bewus moet wees van ons

verlorenheid en soek om 'n lewe te ly wat, hoewel een stuk sonde, tog 'n gelykenis kan wees van die volmaakte lewe wat ons in Christus besit. Verder as dit kom Barth eintlik nie . 'n Christen bestaan daar nie op aarde nie. Die is daar alleen in Christus. Christelike politiek, wetenskap, kultuur ens., is 'n onding. Christelike beginsels is pure selfmisleiding en bedrog. *Alle mense* <sup>[33]</sup> is eenvoudig sondaars op aarde en *almal* sal eenmaal in Christus lewe as verlostes.

Uit dit alles is genoegsaam te sien hoe ver Barth en die dialektiese teologie van ons Calvinistiese belydenis staan. In sy wese is hierdie rigting nie 'n teologie nie, maar 'n filosofie, wat gegrond is op die absolute en volkome teëstelling tussen God en die wêreld. Van die beeld van God in die mens bly daar **niks** oor nie. Van 'n algemene openbaring van God in natuur en historie ook niks. Die gedagte dat ons sondes deur die bloed van Christus versoen is, vind hier g'n plek nie. Van 'n werklike sondeval soos in Genesis 3 verhaal en 'n werklike wederkoms van Christus op die wolke, tot verlossing van hierdie wêreld, weet die dialektiese teologie niks af nie. Die uitverkiesingsleer wat so klaar en duidelik in die Skrif geleer word, vgl. maar net Rom. 9, word verwring en van alle krag en betekenis ontroof. Die Bybel is nie die onfeilbare Woord van God nie. G'n wonder nie dat Barth soveel ondersteuners vind, veral in die Nederlandse Hervormde Kerke, wat modernisties en liberalisties georiënteerd is! Die dialektiese teologie is eintlik op teologies gebied die laaste uitbotsel van die modernisme. Hier is alles vertwyfeld, vaag, onseker. Dit is prinsipiële skepsis. Dis ten diepste 'n wanhoopsteologie.

## DIE SEKTARISME.

'n Godsdienstige stroming wat hom besonder sterk openbaar, ook in ons land, is die sektewese. Die vrugbare bodem van die oorgrote meerderheid van sektes is Amerika. Enkele sektes het in Engeland en in ander lande hulle oorsprong. Ons kan hier maar net die vernaamstes noem. Daar is bv. die Sewendedagse Adventiste, die Baptistiese sektes, die Ou en Nuwe Apostoliese sekte, die Apostoliese Geloofsending of Wederdopers, die Mormone of Latter-Day Saints, die Russelliete of Bybelstudente, die Darbiste ens.

Sektes was daar altyd in die geskiedenis. In die Christelike kerk was daar bv. die Gnostieke, die Montaniste, die Novatiane, die Donatiste ens. In die Bybel word ook van sektes gepraat. So is bv. die eerste Christene ook 'n sekte genoem. Daar was die sektes *van* die Fariseërs en die Saduseërs. Maar dit bedoel daar eintlik maar partye of groepe en word nie juis in ongunstige sin gebruik nie. Dis eers later dat Paulus waarsku teen partyskappe en skeuringe of dwalinge van kettere. Hy gebruik die woord: haeresis, wat beteken skeuring.

Daar is verskil van opinie of die woord "sekte" moet afgelei word van die Latynse "seco"—sny, dan wel van "sequor"—volg. In sy wese bevat die sektegedagte albei die betekenis. Dit is 'n afsnyding of afskeuring van die kerk en 'n onvoorwaardelike en blinde navolging van <sup>[34]</sup> sekere mense of gedagtes. Daar bestaan gemeenskaplike karaktertrekke van alle sektes, wat hulle tot 'n sekte maak, in onderskeiding van kerke. Daar is wel baie verskille tussen die sektes, maar hulle kan tog wel onder een noemer saamgevat word. Elke sekte het 'n slagwoord of sjibbolet, waarby hy sweer en staar hom blind op daardie een enkele punt, terwyl hy die geloofsverband met sy rykdom van geopenbaarde Goddelike waarhede nie raaksien nie. By die Wederdopers is dit die grootdoop, by die Sabbattariërs die Sabbatskwessie, by die Russelliete die Wederkoms van Christus en die 1000-jarige Ryk, by die Apostoliese die Apostelamp ens.

Nou wil ons nie somaar alle sektes oor een kam skeer nie. Daar is sommige wat veel nader aan die Bybel staan as andere. Die Wederdopers het nog 'n groot respek vir die Bybel, al lê hulle hom verkeerd uit. Die Russelliete daarenteen verloën feitlik al die hoofwaarhede van die Bybel, soos bv. dat Christus die Seun van God is, dat daar 'n hel is ens. Die Heilsleër is 'n sekte wat tog wel groot respek afdwing vir hulle hulp aan armes en ellendiges. Daarenteen is die Mormone 'n sekte wat met hulle veelwywery en kommunisme, in die verlede soms tot skandelige eksesse verval het.



Kenmerke wat by alle sektes in een of ander vorm teruggevind word, is sulke dinge soos perfekosisme (die gedagte dat 'n Christen volkome heilig kan en moet wees), 'n gemeente wat uit enkel wedergeborenes bestaan, die uitstorting van die Heilige Gees, wat altyd weer opnuut plaasvind, die ontvang van besondere openbaringe uit die hemel, die besit van buitengewone gawes van gesondmaking en dergelike kragte, die verafskuwing, of ontvlugting van die wêreld en die kultuur, asketiese reëls t.o.v. spyse en drank en kleding en dergelike meer. Ook is al die sektes sterk adventisties gekleur en leef hulle feitlik van die Maranata-gedagte, nl. die wederkoms van Christus. Die vraag is in hoever die metodisme, wat in ons volkslewe so diep ingevreet het, nie verantwoordelik gehou moet word nie vir die mag van sektes wat ons volksakker oorvloei? Die metodisme self word veral deur Duitse teoloë gereken tot die sektariese verskynsels. Dat daar 'n noue verband is tussen die sektewese en die metodisme wys ook dr. Muller aan in sy boek oor die Christelike sektewese, p. 82. Ons kan egter nie met hom saamstem nie as hy sê: 'n binne-kerklike geestelike beweging is nog geen sekte nie; hy word dit wanneer hy hom só bewus word van sy teëstelling tot die kerk, dat hy nie langer meer daarbinne kan of wil bly nie en hom as buitekerklik en antikerklik konstitueer. O.i. is 'n sektestroming *binne* in die kerk gevaarliker as een daarbuite en al sou sulke mense hulself nog nie openlik van die kerk afskei nie, bly hul sektariese neiginge dieselfde en mag die kerk <sup>[35]</sup> self nie deur allerlei metodistiese opwekkingsdienste en Pinksterveldtogte hierdie sektarisme bevorder nie.

Daar is 'n wesentlike en onversoentlike verskil tussen die sektewese en die kerk. En hierdie verskil lê nie net in die *gees* wat daar in elkeen van die twee heers nie. Dit is nie die *gees* van afskeiding van die kerk wat 'n sekte maak nie. Dan sou ons elke kerklike afskeiding van die moederkerk, selfs die Reformasie van Luther en Calvyn, as sektaries moet bestempel. Nee, die *gees* van afskeiding en afsondering van die wêreld en selfs van die kerk, wat ons by die sektes aantref, is eerder die simptoom van iets diepers. Dit is ook nie in die eerste plek die *gees* van eiegeregtigheid en skynheiligheid wat ons by die sektes kry nie, wat hulle tot 'n sekte maak. As hulle soek na 'n kerk of gemeenskap wat beantwoord aan die ideaal van heiligheid en hulleself beskou as die *ware*, die uitverkore volk van God, die enigste verlostes, dan weet ons wel dat dit selfmisleiding is. Ook by hulle is die sigbare en onsigbare kerk ewemin identies as by Rome. Ook onder hulle is die hipokriete vermeng met die kinders van God, net soos by die kerk, waarvan hulle hul afskei. Maar op sigself is dit nie verkeerd dat die kerk, na sy diepste wese, tog niks anders is nie as die liggaam van Christus, die Bruidskerk en bevat dit die afsonderingsgedagte. En teenoor die oppervlakkige volksleergedagte is die sektes volkome in hul reg, as hulle soek na 'n kerk wat uit die genade voortkom en nie uit die natuurlike lewe nie. Daar is eenvoudig g'n versoening tussen Christus en Belial, tussen die kerk en die wêreld nie. Daarom moet ook volgens ons Calvinistiese opvatting die onsigbare kerk steeds soveel moontlik in die sigbare gerealiseer word en moet die kerk deur kerklike tug haarself teenoor die wêreld handhaaf.

Die fout van die sektes is egter dat hulle die Godsryk sien as 'n absolute teëstelling tot hierdie wêreld. Waar die modernisme die Godsryk sien as 'n immanente werklikheid *in* hierdie wêreld en die Roomse die twee wel onderskei, maar alleen as 'n bolaag en onderlaag van dieselfde werklikheid, daar ruk die sektarisme die twee uitmekaar en gee die wêreld aan Satan en die dood oor terwyl hulle soek na 'n Godsryk wat van oorkant af uit die ewigheid ons tegemoet kom. Bygevolg bestaan die wese van godsdiens vir hulle in wêreldontvlugting en verwydering. Hulle keer hul rug op hierdie lewe om 'n *ander* lewe, 'n *nuwe* lewe te soek. In sy wese is dit religieuse selfsug in sy mees verfynde gedaante. Dit gaan werklik nie om die eer van God en die redding van die wêreld nie. Nee, dit gaan om die verlossing van die eie siel en die genieting van die saligheid in self sugtige verlustiging.

Daarenteen soek die kerk van Christus die heil van die wêreld, tot eer van God. Die kerk is dus nie lewens-vyandig of kultuurvreemd nie. Die kerk skei haar wel <sup>[36]</sup> af van die sonde, maar nie van die verlore wêreld as sodanig nie. In die liefde en barmhartigheid van Christus daal sy af en in tot die gewone, natuurlike, alledaagse bestaan van die

mens en soek wedergeboorte en lewensvernuwing, maar nooit lewensontvlugting nie. Daar is dus 'n ander rigting in die kerk. Dit staan nie met die rug na die wêreld toe nie, maar kyk die wêreld met volle lewensaanvaarding in die oë, om Christus, die saligheid, die hemel daarin te dra in die naam en krag van die drie-enige God. Sou die kerk dan 'n wêreld kan loslaat om te sterwe, waarvoor Christus aan die kruis sy bloed gegee het?

## **DIE ROOMS-KATOLISISME.**

Die Rooms-Katolisisme was nie alleen in die verlede een van die magtigste religieuse strominge op die aarde nie, maar is besig om veral in die twintigste eeu weer sy vleuels oor die aarde uit te spreid en met toenemende tempo sy magsfeer snel uit te brei, nie die minste in ons land nie, veral onder die gekleurde massas. Prakties voer die R. Katol. Kerk die regeermag in Frankryk, Italië, Wes-Duitsland, België, Holland, Portugal, Spanje, Suid-Amerika en so meer. In die wêreld van twyfel en verwarring, word Rome 'n nuwe aantrekkingskrag vir talle wat soek na vastigheid en sekerheid. Want Rome spreek met gesag en absolute sekerheid oor die geestelike dinge, by monde van 'n sg. onfeilbare pous, wat as plaasvervanger van Christus op aarde optree. Hier is inderdaad 'n kerk wat aan haarself en haar ordonnansies meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God en wat meer op mense steun as op Christus, soos die Nederl. Geloofsbelydenis dit uitdruk in art. 29.

Die Roomse teologie is in sy wese modernisties en humanisties. Dit glo aan die mens en die menslike moontlikheid om die eie heil uit te werk en die saligheid te verdien. Wel word God nie panteïsties met die wêreld geïdentifiseer nie en word die heilstaat nie gesoek langs die weg van ontplooiing en ontwikkeling van die inherente kragte van die mens en die skepping nie. Maar Rome glo dat die menslike natuur eintlik ongeskonde gebly het deur die sondeval en dat die mens nog in staat is om God te ken en 'n natuurlike goedheid en gaafheid besit op morele gebied. Die verlossing bestaan nie in die wedergeboorte in die sin van 'n radikale omstelling van die menslike verdorwe natuur nie, maar in 'n toevoeging (donum superadditum) van bonatuurlike gawes van God in Christus, waardeur die mens in staat gestel word om op te klim tot in die hemel en die hoogste sport van volmaaktheid te bereik. Volgens Rome is die mens nie na die beeld van God geskape nie, maar *in* die beeld van God, d.w.s. in die Goddelike gemeenskapsfeer. En deur Christus is die mens in daardie oorspronklike verhouding <sup>[37]</sup>herstel. Deurdat Christus vlees aangeneem het, het hy die mens in staat gestel om aan sy oorspronklike doel te beantwoord en sy Godgestelde ideaal te bereik. In Christus regeer die mens (d.w.s. die kerk, wat sy liggaam is en waarin sy vleeswording voortgesit word) die wêreld en bring die mens (die kerk) die wêreld tot sy ewige bestemming. Alles draai dus om die kerk en by gevolg om die pous as aardse Hoof van die kerk. *Al*le mag op aarde behoort wesenlik aan die pous, omdat die geestelike mag regeer oor die wêreldlike (politieke) mag. Die pous dra sowel die geestelike swaard as die wêreldlike swaard. Alle magte is eintlik aan die pous onderworpe en alle regeringe is ten slotte hulle regeermag aan die pous verskuldig, al wil hulle dit nie altyd erken nie. Die kerk (pous) verteenwoordig Christus op aarde en in die pousdom het ons dus 'n voorlopige vergestaltung van die koninkryk van die hemele. Kerk en koninkryk is hier feitlik identies. Wie die kerk nie as moeder het nie, kan God ook nie as Vader hê nie. Buite die Roomse Kerk kan daar dus g'n saligheid wees nie en almal wat nie aan die Roomse Kerk behoort nie, word as ketters beskou wat vervolgd en uitgeroei moet word met geweld. Waar Rome die mag gehad het, het sy dan ook nie geweifel nie om haar vyande met vuur en swaard uit te roei, soos die bloed-geskiedenis van daardie kerk kan getuig. Haar hande is beplek met die martelaarsbloed van miljoene mans, vroue en kinders. En vandag nog is dit die geloof van die Roomse Kerk. As dit in haar mag was, sou die bloed van baie Protestante weer vloei, soos daar trouens getuienis gegee word van droewige gewelddade in Kanada en andere plekke soos Spanje, Italië, België.

By die Rooms-Katolisisme draai alles om die kerk. Die kerk (met name die pous) word verafgod, soos blyk wanneer miljoene Roomse voor die pous neerbuig in gebedsgestalte, wanneer hy sy verskyning maak by die Vatikaan, soos onlangs weer gebeur het in Rome.

In die pous vereer en aanbid die Roomse Kerk feitlik haarself. Hier sit die kerk op die stoel van Petrus, om soos 'n God te regeer. G'n wonder dat vele Protestante in die Roomse Kerk die Hoer van Open baring 17 gesien het nie! By Rome vier kerkisme sy hoogty. Rome is dan die enigste ware kerk op aarde. Sy kan en mag g'n ander kerke naas haar erken nie. Intussen kon Rome egter nog nooit bewys dat Petrus ooit dáár 'n biskop was nie en allermens dat Christus sy mag aan Petrus oorgedra het nie. Mattheus 16 gee nie die minste aanduiding daarvan nie. Die sleutelmag is nie aan Petrus as persoon nie, maar as mondstuk van die dissipels en dus aan die apostels as verteenwoordigers van die kerk van Christus, gegee, soos ook klaarblyklik spreek uit Mattheus 18:18. Ons kan dus verwag dat namate die geestelike diepte van die Protestantse <sup>[38]</sup> kerke vervloek en ontaard in kerkisme, sonder teologiese besinning, die ekumeniese eenheidstrewes, soos veral in die Wêreldraad van Kerke verteenwoordig, uiteindelik sal lei na Rome en na die Roomse-Katolisisme, in die vorm van 'n geestelike diktatuur van 'n wêreldkerk. Ook op kerklike gebied sal elke vorm van "apartheid" meer en meer verdoem word en almal sal gedwing word om in die mure van die "moederkerk" terug te keer. In ons land is dit dan ook 'n berugte feit dat die Roomse Kerk hoegenaamd g'n onderskeiding maak tussen blank en gekleurde nie en vir ons volk also 'n eersterangse bedreiging vorm, ook op rassegebied.

Wat hierdie kerkverheerliking nog soveel aantrekliker maak, is dat Rome voorgee dat sy (haar pous en sy priesters) die mag besit om deur inklewende ordeningsmag wat Christus op Petrus en in suksessie op al die pouse sou gelê het, vir ons die heil en saligheid te gee. Al wat van ons verwag word is 'n blinde vertrouwe (fides caeca) in die Roomse Kerk te hê en onself in haar hande te stel. Die kerk staan tussen die gelowige en God. Godsdienst is nie 'n kwessie van ons persoonlike verhouding tot die lewende God nie, maar wel van ons verhouding tot die kerk. Wie 'n getroue seun of dogter van die Roomse Kerk is en sy kerklik opgelegde verpligtinge nakom, sy sondes by die priester opbieg en die opgelegde boete (poenitensie) betoon, ontvang absolusie van skuld en is gered. Hy het niks meer nodig nie. Van regverdiging deur die geloof (in God) alleen is daar by Rome g'n sprake nie. En dis juis op hierdie punt dat Luther tot die Reformasie-daad oorgegaan het, veral op grond van sy studie van die Romeinse-brief. Hy kon in die Roomse boete-praktyk g'n rus vir sy gemoed vind nie, alhoewel hy hard probeer het. En dis eers toe hy ontdek het dat nie menslike deug en goeie werke nie, maar die gelowige aanname van Christus se soenlyde ons geregtigheid voor God is, dat hy vrede gevind het en met die Roomse Kerk gebreek het. Toe kon hy roem in Gods vrye ontfermende genade en het daardie innerlike, geestelike bevryding gevind in Christus, wat die enigste ware vryheid is en wat die grondslag gelê het van die wonderlike vryheidsstrewes van al die Protestantse nasies: knegtes van die Allerhoogste — van die hele wêreld vry, 'n vryheidsgedagte waarvan die Franse Rewolusie en die liberalisme 'n karikatuur en 'n dwaasheid gemaak het. Luther en Calvyn en Zwingli het deur Gods genade ons voorgeslagte bevry van die harde juk van Roomse priester-heerskappy, deur hulle te stel onder die absolute gesag van Gods Woord. Dit was dus vryheid in gebondenheid aan God alleen en nie bandelose vryheid nie. Sulke vryheidsvegters was die Geuse van Nederland, die Hugenote van Frankryk en die Puriteine van Engeland. Hulle wou g'n veragtelike slawe van 'n mens (die pous) wees en <sup>[39]</sup> soos slawe die saligheid verdien deur sg. goeie werke nie, maar wou as verlostes en begenadigdes in Christus hulleself aan Hom alleen wy as offerandes van dankbaarheid. Vandaar hul blank opregte lewenswandel en dade van geestelike heldemoed, wat so heerlik geskitter het in 'n donker wêreld.

Die Roomse Kerk is 'n slawekerk. In 1870 is die sg. onfeilbaarheid van die pous geproklameer. Sy woord is Gods Woord en moet onvoorwaardelik aanvaar en gehoorsaam word. Reeds in 1854 het pous Pius IX verklaar dat die maagd Maria onbevleek ontvang en gebore is, dus sonder sonde was. Alhoewel hiervoor nie die allerminste bewys in die Skrif te vinde is nie en Maria haarself as 'n "begenadigde" beskou het en ook die gewone reinigingsoffers gebring het, wat alle sondige ouers verskuldig was, het Rome tog hierdie dwaasheid amptelik gepromulgeer. En vandag vind ons in die Roomse Kerk 'n werklike Godslasterlike en hemelbergende Maria-verering, wat

alle perke oorskry. Sy word genoem die Moeder van God en Hemel-koningin en Middelaars van ons saligheid en sy word aanbid, as synde meer toeganklik as haar seun, Jesus Christus. So word ook hier die mens (Maria) vereer en die menslike krag tot selfverlossing op die voorgrond gestel. Immers dis *Maria* wat deur haar "Laat dit so wees!" (Fiat ) die Verlosser in die wêreld gebring het. G'n wonder dat in die afgelope jaar die liggaamlike hemelvaart van Maria (haar assumptio) geproklameer is nie ! By Rome is die "tradisie" die laaste en hoogste maatstaf van die waarheid en daaruit kan die pous allerlei dogmas proklameer wat nie in die Bybel te vinde is nie.

Ons kan hier nie verder uitwei oor die Roomse beelddiens in die kerk, die relikwieë-verering, die aanbidding van heiliges, die vagevuur, die verbod aan priesters en nonne om te trou en so meer nie. Ons verwys nog net daarna hoe die kerk (priesters) ook daarin met goddelike mag beklee is dat hulle die kinders wederbaar deur die doop en dat hulle in die nagmaalsbediening die brood en wyn laat verander in die werklike vlees en bloed van Christus. Hulle kruisig Christus dus altyd opnuut weer, niteenstaande Hebreërs 9:12 duidelik leer dat Christus *eenmaal* versoening gedoen het deur sy bloed te vergiet aan die kruis. Nou versoen die kerk (Rome) ons sondes, deur Christus vir ons te kruisig, 'n ware misterium horribile. Mag God ons volk bewaar teen so 'n godsdiens en mag ons onself bewaar deur ons eie geloofserfenis suiwer te hou en nie ons kinders in die Roomse skole op te offer op die altaar van hierdie Molog nie!

#### [40] DIE ATEÏSME.

Alle strominge wat ons tot dusver bespreek het, aanvaar die bestaan van God en soek om die mens op een of ander manier religieus met God in verbinding te bring. Wel word daar verkeerd oor God en sy openbaring gedink en dra die verkeerde Godsbeskouing ook wrange vrugte in die praktyk van die lewe, maar aan die bestaan van God self word nie getwyfel nie en daar word gepoog om 'n bevredigende verhouding tot God te verkry.

Die ateïsme (godloëning) daarenteen verwerp die hele Godsgedagte as sulks en neem daarom 'n vyandige en negatiewe houding in teenoor enige vorm van godsdiens. Dit is gewortel in die materialistiese wêreldbeskouing, wat die ganse skepping alleen in terme van stof (energie) en beweging (ruimte) besien en g'n plek hoegenaamd oorlaat vir enige geestelike entiteit nie, dus allermins vir 'n geestelike Opperwese. As vader van hierdie materialisme, wat die monistiese gedagte filosofies streng deurgevoer het, kan ons beskou Haeckel. Maar die materialisme self is so oud soos die Griekse filosofie. Dit het veral onder invloed van deïstiese filosowe, soos Locke en Hume ens., 'n sterk stoot gekry in die vorige eeu.

Die ateïsme (godloëning) bestaan in baie verskillende grade en vorme. Op teoretiese gebied kom dit voor in die mildere (hoewel miskien gevaarliker) vorm van agnostisisme voor, sowel as in die vorm van direkte godloëning, wat ons ook anti-teïsme kan noem. Op praktiese terrein kom dit voor in die vorm van onverskilligheid teenoor godsdiens en losbandigheid en dan ook in die vorm van militante, aggressiewe bestryding van elke sweem van godsdiens en moraliteit. Wat ons volk betref is, die ateïsme ongetwyfeld ook werkzaam as 'n sterk onderstroming, veral in die bedding van die kommunisme, maar die godloëning bestaan by ons veelal in die vorm van koudheid en onverskilligheid teenoor God en sy diens, selfs al word daar nog teoreties op 'n manier geglo in 'n soort opperwese. Prakties leef baie mense eenvoudig asof daar g'n God is nie en hou hulle hoegenaamd g'n rekening met Hom nie. Dit is die soort van godloëning, waarvan ons lees in Psalm 14:1 "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie."

Daar is vele in ons tyd wat die houding inneem van totale agnostisisme. Hulle meen dat ons eenvoudig niks van God weet of selfs *kan* weet nie. Daar mag miskien 'n God wees, maar daaromtrent kan niemand iets met sekerheid sê nie. Al wat ons weet is die dinge wat ons kan sien en tas en meet en weeg. Vir geloof in die onsigbare dinge het hulle g'n plek nie. Hulle is die mense wat net met harde feite rekening hou, d.w.s. met alles wat wetenskaplik <sup>[41]</sup> bewys is en daarom ontwyfelbaar vasstaan. Die wetenskap (science) is

hulle afgod en hulle beperk die wetenskap dan ook hoofsaaklik tot die sg. natuurwetenskappe. Hulle besef egter nie dat daar oneindig veel meer dinge bestaan as net die sg. materiële dinge, en dat ons selfs van hierdie dinge niks kan weet nie as ons nie ons uitgangspunt in die geloof neem nie, d.w.s. as ons nie *glo* wat ons meen te weet nie. Al ons kenne (wete) rus ten slotte in geloof, en as ons radikale en konsekwente agnostisiste wil wees, dan kan ons nie net van God nie, maar van alle bestaende *niks* weet nie. Die geestelike dinge soos godsdiens en sedelikheid is vir ons menslike bestaan net sulke weselike faktore en word net so in ons menslike lewe ervaar as die stoflike dinge. Watter reg het ons dan om te glo wat ons in die natuurlike (materiële) bestaan ervaar en *nie* te glo wat ons in ons geestelike bestaan ervaar nie?

Die verwerping van God in die praktiese lewe het by ons volk al groot afmetinge aangeneem. Op godsdienstige gebied kan ons dit sien in duisende wat sonder Bybel en kerk lewe. Hulle het eenvoudig niks aan die godsdiens nie en dit hinder hulle niks dat hulle nooit in 'n kerk kom of 'n Bybel lees nie en dat hulle kinders soos volslae heidene groot word. Vir hierdie mense is Sondag eenvoudig 'n dag van plesier en ontspanning. Hulle lewe sonder gebed en gebruik Gods Naam nog net as vloekwoord.

Ons sg. neutrale skoolstelsel is 'n vrug van die agnostisisme en 'n praktiese verwerping van God. Die kinders moet dan sg. dinge leer wat vir hulle prakties en nuttig is en hul tyd mag nie in beslag geneem word met die spekulasie en onvrugbare fantasieë oor godsdiens nie. Die gevolg is dat ons 'n geslag gekweek het wat God of sy gebod nie meer vrees nie en wat g'n gesag van watter aard ook meer erken nie. Nou dat die wêreld sy les geleer het in die bloedbad van ontsettende wêreldoorloë, word daar gegryp na sg. opvoeding vir volwassenes en 'n mate van sedelik-godsdienstige onderwys op skole. Dis opmerklik dat die verskynsel van Godloosheid net beperk is tot die kringe van die Christelike beskawing. By die heidendom (Boeddhiste, Mohammedane, politeïste ens.) kry ons dit eintlik nie. Op hulle manier is die heidene fanatiek godsdienstig en strenge handhawers van hul heidense moraal. Dis die *sg.* ontwikkelde, geleerde of beskaafde mens wat sover gekom het om in openlike en brutale godloëning te verval. Die teoretiese ateïsme van die Weste het gelei tot die barbaarse, militante ateïsme wat vandag in die Ooste opvlam, onder leiding van kommunistiese Rusland. In die Weste bestaan al vir dekades die vrydenkersbeweging, wat deur Westerse geleerdes aangevoer is en kragtiglik versterk is deur die aanslae op die Bybel deur die Skrifkritiek. In die 19e eeu het Allard Pierson die kuns gestel in die plek van die religie. Die <sup>[42]</sup>vrydenkersbeweging het hul veral uit die Vrymesselaars getrek. Multatuli het die beweging sterk gepopulariseer. Die materialisme het uiteindelik daartoe gelei dat nie alleen die idee van die bestaan van 'n persoonlike God nie, maar ook van die menslike persoonlikheid vernietig is en daarmee ook alle geloof aan 'n onsterflike siel. Die lykverbranding het as direkte gevolg hiervan ontstaan, waar die materialisme sy triomflieder sing ook oor ons dierbare dodes. Die materialis het homself verloor toe hy sy God verloor het en ken selfs nie meer 'n eie vaderlandse bodem, waarin hy begrawe wil wees nie. Hy is internasionaal soos die stof self en gaan in die stof (as) op, soos hy daaruit voortgekom het. In die kremasie van ons lyke word die laaste sweem van idealisme begrawe.

Op politieke gebied was Karl Marx die grondlêer van die materialistiese tempel en die hoëpriester van die materialistiese godsdiens. Want dit ly g'n twyfel nie dat ook die ateïsme in sy mees materialistiese gedaante nog 'n godsdiens gebly het, n.1. die aanbidding van die stof. Vandaar die werklik godsdienstige fanatisme waarmee die kommuniste werk en stry, ly en sterf vir hulle wêreldbeskouing. Ook die kommunisme het sy martelare.

In 1925 is alle vrydenkers-organisasies verenig tot "De Internationale Proletarische Vrydenker." Teenwoordig was afgevaardigdes uit Duitsland, Oostenryk, Tsjekko-Slowakye, Pole, Denemarke, België, Nederland, Frankryk, Switserland en veral Rusland. In Rusland het toe reeds bestaan die Bond van strydende Godloses. In Duitsland is hierdie beweging destyds uitgedryf deur die Nasionaal-Sosialisme. Die beweging staan in nou verband met die 3de Internasionale. Dit het vandag afdelinge oor die hele wêreld, tot in Amerika en Asië. Hulle het hul grootste krag in die vakbonde ontwikkel en tel

honderd-duisende lede.

Hierdie mense, die radikale sosialiste of kommuniste beskou die Christendom as 'n tipiese neweproduk van die feodale ekonomiese stelsel. Dis maar 'n plan van die kapitaliste om die arbeidermassas of proletariaat in slawerny te hou, om hul eiendomme te beskerm en die besitlose klasse te troos met 'n hiernamaals. Daarenteen glo die kommuniste in 'n wêreld-broederstaat, waarin almal volkome gelyk sal wees en alle verskille sal verdwyn, selfs die wat gemaak word tussen man en vrou. Hier het ons dus die tipiese massamens en die totale opbreking van die organiese bestaan van selfs die huisgesin. Elke mens is eintlik maar net 'n nommer en niks meer nie. Vir die kommunistiese jeug word geleer dat die Komsomol (komm. jeugvereniging) hulle moeder en die kommunistiese party hulle vader is. Die kinders moet selfs op hul ouers spioeneer, om seker te maak dat hulle nie aan die Staat ontrou is nie. Goed is alles wat die klassestryd bevorder, kwaad alles wat dit strem. Alle godsdienstige <sup>[43]</sup> besef moet by die jeug uitgeroei word; van Jesus mag hulle niks weet nie. Daarteenoor is daar in Rusland 'n standbeeld opgerig vir Judas Iskariot. Barth—van Marle sê "wij staan hier dan ook niet meer tegenover Marxisme, maar tegenover Satanisme en het gaat hier nu op leven en dood."

So sien ons dan waarheen die godloëning lei. En mag ons as volk gewaarsku wees vir hierdie monster ! Maar laat ons ook onthou dat ongeloof en godloëning maar die laaste skof is op die pad van dwaling en verval. Die godloëning met al sy wrange vrugte van rewolusie en bloedvergieting is gewortel in die humanisme, waarin die mens op die troon van God verhef word. Langs die weg van liberalisme, wat by ons Westerse beskawing so hoogty vier, gaan dit vinnig en reguit na die afgrond van die bodemlose put van anargisme en verwoesting. Deur ons Calvinistiese grondslag los te laat stuur ons reguit op ons ondergang af en sal 'n nag sonder daeraad oor ons toesak. Mag God ons daarvoor bewaar !

S. J. v. d. Walt.

### ***Literatuur oor afwykende strominge op gods. gebied:***

Reasoning faith — T. C. Hammond.

Religie en Christendom — G. Wisse.

Christianity and Liberalism — J. Machen.

Godsdienstige vraagstukken:het Modernisme — K. Roessingh.

Die modernisme — Art. in Koers, deur P. J. S. de Klerk.

Godsdienst en wetenskap — H. v. Andel.

Het Methodisme — J. D. du Toit.

Die Christelike sektewese — J. J. Müller.

Sekteprobleme — H. C. J. Flemming.

Die sektewese — Art. in Koers, deur C. F. Kies.

Methodisme — Art. in Koers, deur J. J. Krige.

Conflict met Rome — G. C. Berkouwer.

Roman Catholic system — W. Hammond.

Kerk en Staat — Art. in Prot. Reveille, Mrt., 1951.

Enkele grepe uit die Roomse teologie — In Geref. Vaandel, deur E. E. v. Rooyen.

De god-loogen actie — E. Barth—van Marle, in Beproeft de geesten.

Kirchliche Dogmatik — K. Barth.  
Een beroerder Israels — G. C. van Niftrik.  
Karl Barth — G. C. Berkouwer.  
Die dialektische theologie — G. C. Berkouwer.  
Die skeppingsleer van Barth — D. Kempff.  
The new modernism — van Til.

### [44] III. DIE LIBERALISME IN DIE POLITIEK

(Deur prof. P. J. S. de Klerk)

#### 1. Calvinisme en Politiek.

Ons meen dat dit die beste metode vir die behandeling van ons onderwerp is, om eers net die grondbeginsels van die Calvinisme in verband met die politiek vas te stel, en om dan 'n paar geestesstrominge op politieke gebied daarteenoor te stel. Al die geestesstrominge op politieke gebied of vreemde ideologieë kan ons as liberalisties bestempel. Hulle is almal liberalisties omdat hulle in die eerste plek geen gesag van God erken nie, en in die tweede plek die steunpunt vir die vryheid nie in die Skrif en die 'historie soek nie. Gesag en vryheid moet volgens hierdie geestesstrominge rus op die mens se verstand en wil.

Al hierdie geestesstrominge is mensverankerend omdat hulle die mens as uitgangspunt neem of as individu of as werkersklas of as staat of as volk. Met die godsdiens word daar nie rekening gehou in die politiek nie. Hierteenoor staan die Calvinisme, wat beslag lê op die hele lewe. Waar God die Skepper van die aarde is, bestaan daar hoegenaamd niks waaromtrent die mens onverskillig kan wees nie. Staat en maatskappye, kerklike en huislike lewe, wetenskap en kuns, mag nie aan die willekeur van die mens oorgelaat word nie. Vir elke deel van die aardse lewe moet ons vra na die ordeninge, wat God daarvoor gestel het. Die Calvinisme staan dan ook regstreeks teenoor elke leer, wat die godsdiens buite enige deel van die lewe sluit. Ook die politiek val nie daarbuite nie. Prof. Fabius sê dan ook tereg: "Immers moet die staatkunde in sy diepste sin godsdiens wees. Dit is nie in homself onheilig nie, sodat dit die godsdiens sal besoedel as dit daarmee in aanraking kom nie. Die staatkunde is heilig."<sup>1</sup> Volgens die Calvinisme gaan die godsdiens oor die hele lewe. Die Calvinisme eis die hele lewe op vir verheerliking van God. Ons hoor gedurig in ons tyd dat ons as Calviniste besig is om godsdiens en politiek te vermeng. Godsdiens en politiek moet dan geskei word. Dr. A. Kuyper sê in sy brosjure *Wij Calvinisten*, dat die groot lewensvraag vir Calvyn was hoe ook op staatkundige terrein die Koning van die konings sy eer sal ontvang. Dis juis die gees van die Franse Rewolusie, wat van geen vermenging van godsdiens en politiek wil weet nie.

Om die wese van die Calvinisme te verstaan moet ons eers let op die absolute gesag van God en dan op die afgeleide gesag van die mens. Die grondbeginsel van die Calvinisme is die *soewereiniteit van God* oor alle skepsels. God is die soewereine, almagtige God wat die wêreld van oomblik tot oomblik dra met alles wat daar gebeur Hy <sup>[45]</sup> bestuur die wêreld volgens sy wyse en ondeurgrondelike wil. Sy gesag is soewerein en absoluut, omdat dit geen gesag bo Hom ken nie. Daar is geen skepsel wat enige gesag in homself het nie. Alle mag en gesag ontvang die mens alleen van God.

Met daardie van God ontvangte mag moet die mens met sy hele lewe God dien. Hierdie gesag van God sluit in die absolute onderworpenheid van alle skepsels aan die deur God gestelde ordinansies. Alle mense, konings in hoë stande of mense van gewone stand, arm of ryk, geleerd of ongeleerd, almal moet hulle aan die oppergesag van God gewillig onderwerp soos die engele in die hemel dit doen. God het sy verordeninge vir alles gestel, en die mens is daaraan gebind. Die Calvinisme eis die hele lewe op tot verheerliking van God.

As God dan soewerein is oor alles, as Hy oppergesag oor alles het, dan volg daaruit dat geen mens ooit soewerein kan wees of enige absolute gesag kan hê nie. God kan 'n mens of mense saam as orgaan vir die uitoefening van sy gesag gebruik, maar dan kan dit slegs deur oordrag geskied. En hierdie oordrag kan alleen in 'n baie beperkte sin plaasvind. Op aarde ken ons geen ander soewereiniteit as slegs 'n afgeleide soewereiniteit nie. Hierdie oordrag van *Gods gesag op die mens* vind slegs in beperkte sin plaas, want dit hou nooit in dat God maar vir een enkele oomblik sy soewereine

---

<sup>1</sup> Wesen van het Calvinisme bl. 9.



gesag loslaat sodat die mens dit dan eimagtig kan uitoefen nie. Ook wanneer God sy soewereine gesag aan 'n mens oordra, ook dan bly die absolute gesag in God en die mens doen slegs diens as orgaan of instrument. God lê dus nie sy absolute gesag op 'n mens neer nie, sodat hy daarmee as 'n diktator kan optree. God lê sy absolute gesag ook nie neer op die menigte van die volk nie, sodat die soewereiniteit van God dus onmiddellik in die gemeenskap rus. Dan sou ons kan sê dat die stem van die volk die stem van God is. Volgens hierdie opvatting is die algemene volkswil, wanneer dit eenmaal in 'n gebod vasgelê is, absoluut soewerein. Dis waar, volgens ons Calvinistiese opvatting word die regeerder of regeerders deur die volk gekies, maar hulle ontvang hulle gesag van God. Alle owerheidsgesag op aarde vloei af uit die soewereiniteit van God. Dr. A. Kuyper gebruik hierdie treffende beeld van die son. Die Mg is in die son en dit straal uit die son na ons toe. Maar al word die lig vir ons uit die son weerkaats deur 'n spieël, dan wil dit nog nie sê dat die lig uit die son in die spieël oorgegaan het nie. Ons soek die lig tog nie in die spieël nie, maar dit is en bly in die son So bly die soewereine gesag in God en dit rus nie in die volk nie. Daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel (Rom. 13:1). Daar is geen grond vir enige mag in die mens, in sy deugszaamheid of goeie beleid nie. Treffend druk Groen van Prinsterer <sup>[46]</sup> dit uit in sy *Ongeloof en Revolusie* (bl. 47): "Aan niemand verantwoordelik as aan God nie, weet die Soewerein (maghebber) dat hy aan God verantwoordelik is; meester in die kring van eie regte, weet hy dat aan hom die eerbiediging van die regte van ander opgelê is." Hieruit volg 'n ander grondbeginsel van die Calvinisme. Hieruit volg dat die owerheid 'n *dienaar van God is*, en dat hy vir die vrye uitoefening van sy staatsgesag *gebind is aan die Woord van God*. Die Bybel gee vir ons die grondreëls aan, die beginsels wat die menslike lewe onderling en in verband tot God beheers. Hierdie grondbeginsels het God ook vir die staatslewe vir ons vasgelê in sy Woord. Die gesag van die H. Skrif is na sy aard absoluut en beheers ons hele bestaan. Daarom is die godsdiens nie slegs 'n saak vir die binnekamer nie. God wil volgens sy Woord gedien word ook in die huisgesin, in die kerk, in die skool, in die kuns, in die wetenskap, in die maatskappy en in die staat. Die H. Skrif gee vir ons die maatstaf aan, waarna ons ons ook in die politieke lewe moet gedra. Ook daar moet alles gaan volgens die ordinansies wat God in sy Woord vasgelê het. Daarom kon 'n Calvinis soos Paul Kruger sê: "Ook op staatkundige gebied bely ek die ewige beginsels van Gods Woord." Die rewolusionêre mens glo aan die menslike rede en volgens daardie skemerliggie wil hy handel en wandel. Die antirewolusionêre mens, die Calvinis, egter glo aan die Woord van God as 'n lamp vir sy voet en 'n lig vir sy pad. Dis waar, die Bybel gee nie vir ons aan watter vorm van regering ons moet hê nie. Maar die Bybel gee ons tog ewige beginsels aan, wat ten grondslag moet lê aan alle politieke stelsels en wat hulle moet beheers. As God soewerein is dan moet die Bybel as sy Woord ook die beheersende reël van almal wees.

Ons het nou gesien dat alle owerheidsgesag op aarde alleen afvloei uit die soewereiniteit van God. Gods Woord sê: Deur My regeer die konings. Ons het ook gesien hoe die owerheid gebind is aan die ordinansies, wat God vir die staatslewe vasgelê het in sy Woord. Uit hierdie grondbeginsels volg daar nou nog 'n ander een, nl. *die soewereiniteit in eie kring*. Die grondgedagte van hierdie leerstuk is dat die soewereiniteit van God, waar dit op mense neerdaal, hom in twee sfere splits. Aan die een kant kry ons die gesagsfeer van die staat en aan die ander kant die gesagsfeer van die kerk en die maatskaplike lewenskringe. Naas die gesagsfeer van die staat is daar nog die kerk, die huisgesin en skool, die bedryf, die wetenskap, die kuns ens. Hulle is almal lewenskringe wat hulle oorsprong en hulle bestaansreg nie aan die staat te danke het nie. Hulle almal is vry in eie kring. Hulle ontleen hulle lewenswet nie aan die hoogheid van die staat nie, maar hulle is gehoorsaam aan 'n hoë gesag in eie boesem. Hierdie leer van die soewereiniteit in eie kring laat skerp <sup>[47]</sup> uitkom, dat die hoogste gesag in elke kring, ja ook in die kerk, niks bo hom het as God alleen nie. Die staat mag hom hier nie tussenin skuif en het hier uit eie mag niks te beveel nie. As ons praat van "vry in eie kring" dan bedoel ons daarmee, dat die lewenskringe van kerk en maatskappy vry is deurdat hulle gebind is aan hulle eie beginsels. Die staat het wel 'n roeping om formeel die onderlinge verhoudinge van hierdie terreine te bewaak om also 'n geordende menslike samelewing

moontlik te maak; maar die staat mag hom nooit die reg aanmatig asof hy met 'n soewereine gesag beklee is, waaruit die gesag vir elkeen van hierdie kringe sou voortvloei nie. Die staat skep nie die soewereiniteit in eie kring vir al hierdie lewensterreine nie, maar moet hulle erken as selfstandige terreine naas hom. Die staat swaai nie die septer oor hierdie terreine nie, maar God alleen. Waar die staat in 'n lewenskring moet ingryp daar kan die bedoeling nooit anders wees as om die soewereiniteit in eie kring te herstel nie.

Maar ook in hierdie gesagskringe, wat vry naas die staat staan, is geen skepsel vry om te doen en te handel soos hy wil nie. Almal is gebind aan die ordinansies, wat God in sy Woord vir daardie gesagskring vasgelê het. Elke lewenskring moet vry wees, vry in eie wortel en aan die goddelike ordinansie gebonde, maar nie oorheers deur ander kringe nie. Al hierdie kringe, so beweer dr. A. Kuyper, gryp met die tande van hul ratwerk in mekaar en juis deurdat hulle op mekaar inwerk en in mekaar skuif, ontstaan daar in hierdie kringe die ryke, veelsydige, veelvormige menselewe. Alleen wanneer die ratte inmekaar buig, bestaan daar rede vir die staat om op te tree. Die lewe mag nie uit die hoogte van staatsweë gereguleer word nie, maar moet uit homself opgroei en vir homself 'n eie vorm skep. Die strewe van die staat moet wees om al hierdie lewenskringe tot selfstandigheid en aksie te bring, sodat staatsbemoëing al minder kan word. 'n Meganiese staatsgesag mag hom op die duur nie indring in die gesagsfeer van die organiese lewe van die maatskappy nie. Die grondbeginsel van die soewereiniteit in eie kring is dus, dat 'n ander nie in my huis en in my lewenskring die baas mag speel nie, maar ook dat elke ander individu net so vry as ek kan lewe en bou op die fondament van sy beginsels. Tog het die staat en die verskillende lewenskringe mekaar nodig. Die staat verwag van kerk, skool en gesin om tot gehoorsaamheid aan die owerheid aan te maan. Hy versoek die kerk om vir hom te bid, die skool om die toekomstige burgers goed toe te rus vir hulle roeping. Die kerk verwag van die staat beskerming, wetgewing teen Sondagsontheiliging, teen Sondagsports, teen lotery en ander sedebederwende euwels. Die een menslike verband of <sup>[48]</sup> lewenskring het dus die ander nodig. Hulle moet mekaar help en harmonies saamwerk.

Ons moet nog wys op die Calvinistiese opvatting van *die burgerlike vryheid*. Die liberale mense stel ook die vryheid voorop as grondbeginsel van die staatkundige lewe, maar daar is tog 'n radikale verskil tussen die liberale en die Calvinistiese opvatting. Ons as Calviniste plaas die gehoorsaamheid aan Gods Woord op die voorgrond en begrens daardeur die burgerlike vryheid. Alleen in die erkenning van die gesag van God is die gesag veilig en is die vryheid seker. Elke mens besit 'n persoonlike lewensfeer met soewereiniteit in eie kring. Hy moet vry wees om volgens sy gewete te handel, maar dan moet sy gewete gebind wees aan die ordinansies van God in sy Woord. Gewetensvryheid gaan uit van die grondbeginsel, die soewereiniteit van God. Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mens, selfs al is die mens 'n draer van gesag. Groen van Prinsterer sê in sy *Ongeloof en Revolusie*, dat ons die vryheid nie moet hê as 'n dekmantel van baasheid nie, maar as diensknegte van God. "Vryheid om God te dien en om die Here te bely. Geen vryheid om in elke staat elke gevoele uit te spreek en aan te prys nie, maar vryheid om waar die owerheid hom Christelik noem die geboorte van Christus te onderhou" (bl. 132). Die gewete bring die mens se siel in die heilige teenwoordigheid van God, sodat hy geen gesag erken wat indruis teen die wil van God nie. Hierdie belangrike punt uit die Calvinistiese lewensbeskouing is vanself ook die sentrale punt in die hele stryd vir die geestelike vryheid in die algemeen. Waar die owerheid 'n dienaar van God is, daar is dit sy plig om toe te sien dat die vryheid van die gewete geëerbiedig moet word. Die neutrale staatsidee wat heeltemal nie rekening hou met die ordinansies van God vir die volkslewe nie, is 'n verderflike beginsel. As 'n owerheid nie meer rekening hou met die ordinansies van God nie, dan ontsien hy ook nie meer die vryheid van gewete van sy burgers nie. As die owerheid in die allerheiligste vryheid van gewete ingryp, dan ontstaan daar 'n botsing. In daardie botsing roep die Calvinis elke burger toe om sy gewetensvryheid te handhaaf in gebondenheid aan Gods Woord.

In elke staatsmag lê daar iets gevaarliks, want die staatsmag kan hom so maklik keer teen die ordinansies van God. Daarom was die beste bolwerk teen die gevaar van die staatsmag nog altyd die vryheid van die gewete. Die owerheid het reg van buite maar die gewete het reg van binne. Die owerheid moet altyd rekening hou met watter mense hy te doen het. Lewe die mense dig by die Woord van God, dan is dit gevaarlik om hulle teen hulle gewete in te dwing. Anders staan dit met die owerheid as hy met gewetenlose booswigte te doen het, wat hulle dan nogal op hulle gewete beroep. Maar mense wat werklik Christelik <sup>[49]</sup> lewe en gewetensbeswaar het, mag nie gedwing word nie. Dr. A. Kuyper sê, dat 'n nasie van burgers met geknakte gewetens self geknak is in sy nasionale veerkrag. Dit behoort elke regering te besef. Ons wil ten slotte nog wys op die roeping van 'n burger, *as sy burgerlike vryheid ingeperk word*. As 'n owerheid die wet van God oortree, dan gaan hy buite die grense van sy gesag. Doen hy iets wat my gewete, gebonde aan Gods Woord, verkrag dan moet ek hom weerstaan. Dit moet 'n konstitusionele weerstand wees deur middel van wettige verteenwoordigers van die volk. As 'n owerheid die lewe en lewensreg van 'n volk probeer vernietig in plaas van dit te beskut, dan lê daar in die lewe van die volk self die reg en die roeping om onder biddend opsien tot God die gesagsdraer te vervang. Hierdie aksie moet volgens Calvyn uitgaan van die laere owerheidspersone (mindere magistrate). Dis die leiers en onderleiers van 'n volk, wat deur God daar gestel is vir die verdediging van die regte van die volk. As hulle nie optree nie, dan is aktiewe verset teen die owerheid ongeoorloof, dan kan daar alleen sprake wees van onderwerping of lydelike verset. Ons dink hier aan die rewolusies van Nederland 1568, van Engeland 1688 en van Amerika 1776. Volgens Ernst Troeltsch was die Calvinisme nog altyd die geestelike ruggraat van die beweging vir moderne politieke vryheid.

Volgens die "Nuwe Orde" is die vryheid 'n konsessie van die staat. Die noodwendige gevolg is dat die burgerlike vryheid ondermyn word. Rocco beweer die volgende: "Die enkeling is 'n instrument, wat mens gebruik vir sover as wat dit nuttig is vir die doel, en waarvan mens nie gebruik maak as jy dit nie meer nodig het nie." Dit beteken vernietiging van die hele persoonlike vryheid. Wie die vryheid beskou as 'n konsessie van die staat vir die staat se eie belang, of wie die gesag beskou as 'n konsessie van enkele mense in hul eie belang, ondermyn 'n gesonde staatslewe.

Nadat ons nou op enkele grondbeginsels van die Calvinisme ten opsigte van die politiek gewys het moet ons vervolgens eers daarop let hoe hierdie beginsels in ons volkslewe verwerklik was.

## 2. Calvinisme en Demokrasie.

Om verwarring te voorkom moet ons eers let op die demokratiese openbaring van die Calvinisme in ons land. Ons mag demokrasie en liberalisme nie vereenselwig nie. Die opkoms van die liberalistiese demokrasie het eers later geskied. Die Voortrekkers het nooit bedoel om iets op politieke gebied te doen wat indruis teen die Woord van God nie. Hulle het in hulle volkslewe die Calvinistiese koers gehou. "Hulle het uitgegaan van die leer van die gelykheid of gelykwaardigheid van alle mense voor God, daarom het hulle party gekies vir die *demokratiese* opvatting van die lewe en getrag om deur hulle republikeinse <sup>[50]</sup> staatsinrigting die volksvryhede teen onregmatige dwang te beskerm"<sup>2</sup>. President Kruger het dan ook die grondbeginsel van die Calvinisme, die soewereiniteit van God, bely. Hy het gesê: "Ook op staatkundige gebied bely ek die ewige beginsels van Gods Woord." Hy het van geen soewereine volkswil geweet nie. Hy het nie in die eerste plek nasiediens geken nie, maar die diens van God. Volk en staat is daar om God te dien en nie die mens nie. God staan bo die individu en die volk en roep hulle tot verantwoording. Reg en goed is iets alleen wanneer dit ooreenkom met Gods Woord. Gods Woord was die bindende krag van ons volkslewe. Alle regsbesef het gerus op die ewige beginsels van Gods Woord en elke wet is daaraan getoets. Dit gebeur nie by die liberalistiese demokrasie met sy opportunistiese politiek nie. God is deur ons volk

<sup>2</sup> Dr. J. D. du Toit in "Koers in die Krisis," deel 1, bl. 41.

in die verlede geëer in sy soewereine gesag, en die ordinansies van God vir die soewereine volkskringe is altyd geëerbiedig. In art. 8 van die Grondwet van Transvaal staan: "Die volk eis die mees moontlike vryheid en verwag dit van die behoud van sy godsdienstige geloof." Ware volksvryheid lê dus alleen in die behoud van die godsdienstige geloof. En wat is hierdie geloof anders as dat God regeer en dat sy gesag in staat, kerk en maatskaplike gesagskringe geëerbiedig moet word? Daar het 'n gesonde demokratiese gees geheers, waarin die burgerlike vryheid geëerbiedig is.

Die demokrasie van President Kruger was van 'n ander aard as die liberalistiese demokrasie. Ons lees in *Die Gedenkskrifte van Paul Kruger*<sup>3</sup> "Die hele volk was die hoogste gesag in die staat; daarom was Kruger so daarop bedag om by die volk die agting te bewaar vir die Allerhoogste Gesag, God, aangesien so 'n *demokratiese* staat anders in anargie kon verval." President Kruger het die gesag van God erken. Dit was die bindende element in sy demokratiese staat, waarin Gods Woord alleen die bindende beginsel was. Dis waar, President Kruger het gesê dat die stem van die volk die stem van God is. Hy het dit gesê toe hy voorgestel is as kandidaat vir die verkiesing. In die stem van die volk het hy die stem van God verneem, wat hom roep. God roep hom deur middel van die volk. Hy het nooit geleer, dat die gesag van God in die boesem van die volk neergelê is nie. Hy het gemeen, dat die stem van die volk dan alleen die stem van God is, as die stem van die volk ooreenkomstig Gods Woord is. Dit kom daarop neer dat die wil van die volk dan alleen die wil van God is, wanneer die volk handel volgens die gebod en die beginsels wat God in sy Woord vir die openbare lewe neergelê het. Dis die egte Calvinistiese beginsel. Dit kom daarop neer, dat die wil van <sup>[51]</sup> God ook die wil van die volk is. Dit het dus niks te maak het volksoewereiniteit nie.

'n Ander kenmerkende beginsel van ons demokratiese verlede was, dat die hele regeringstelsel opgebou was uit die verlede van die volk. In 1882 het President Kruger met die oog op sy eerste presidentskap gesê: "In verband met vooruitgang in die regte rigting: oor die algemeen bedoel ek daarmee, dat ons as 'n republiek *opgroeiend op die wortel van ons volkshistorie*, met erkenning van die leiding van God in die verlede, die bestaande tot uitgangspunt neem vir ons eendragtige strewe na nasionale wasdom"<sup>4</sup>. So iets tref ons nie by die liberalistiese demokrasie aan nie, want daar is die verlede iets wat vergeet moet word. President Kruger het geen opportuniste geken nie, maar hy het sy volk volgens vaste beginsels geregeer. Hy het nie los van sy volk as 'n diktator opgetree nie, maar hy het hom laat bind deur die gesag van Gods Woord. Ja, President Kruger was 'n vuurbaken in die lewensbranding van ons volk. As ons hom volg kan ons nie twyfel aan die Calvinisties-demokratiese voortbestaan van ons volk nie. Laat ons nie ons Calvinisties-demokratiese verlede oorboord gooi nie, net omdat Engeland van die demokrasie 'n gebrou gemaak het. Dis onverantwoordelik. Ons mag nie hierdie demokratiese beskouing as liberalisties beskou nie. Dis onwaar dat dit "tydens die Franse Rewolusie op die ontluikende Afrikanerdom ingeënt is", soos iemand beweer het. Luister wat *Die Gedenkskrifte van Paul Kruger* sê: "Hierdie ideaal-demokratiese opvatting was die rigsnoer van Kruger se politiek" (bls. 140). Demokrasie is nie onbybels nie. Luister wat Dr. Colyn sê: "Is die wese van die Calvinisme nie self demokraties nie? En is 'n staatsparty, wat uit die beginsels van die Calvinisme lewe, daardeur nie reeds van nature 'n demokratiese party nie?"<sup>5</sup> Ook dr. A. Kuyper praat van "die ou Calvinistiese gedagte in gesonde demokratiese sin."<sup>6</sup> Ons mag nie die verlede loslaat nie (demokrasie) en ons mag nie die lewensbeskouing daarvan loslaat nie (Calvinisme). As God ons weer ons republiek teruggee, dan moet dit 'n Calvinisties-republikeinse demokrasie wees, gesuiwer van alle liberalistiese bestanddele wat intussen ingesluip het. Ons mag nie ons Calvinistiese beginsels gaan plooi en ons mag ons volksverlede nie

---

<sup>3</sup> In Afrikaans uitgegee, bl. 140.

<sup>4</sup> Van Oord, bl. 379.

<sup>5</sup> Gedenkboek Antirevolutionaire Partij, bl. 23.

<sup>6</sup> Het Calvinisme, bl. 89.

verwring om te kan aanpas by die nuwe wêreldorde nie.

### 3. Liberalistiese Demokrasie.

In die liberalistiese demokrasie het ons te doen met 'n geestesstroming op politieke gebied, wat ons hand en tand moet beveg. Dit is 'n stelsel wat opgekom het tydens die Franse Rewolusie, wat die volstreekte vryheid en <sup>[52]</sup> heerskappy van die mens se wil op die voorgrond gestel het. Die mens is self 'n geheel, hy is nie maar 'n lid van 'n organiese liggaam nie. Die enkele mens, die menslike individu, is die bousteen van die menslike samelewing. Die vryheid van die mens mag slegs beperk word deur die vryheid van sy medemens, nie deur die behoeftes van een of ander organisme nie. Op stoflike gebied moet daar vryheid wees van handel en verkeer, van beroep en industrie. Daar moet 'n algehele staatsonthouding wees ten opsigte van die sosiale lewe. Op geestelike gebied word die kerk nie in sy eienaardige, organiese karakter erken nie, maar word dit beskou as 'n gewone privaat-regtelike vereniging. Daar moet skeiding wees van kerk en staat, want godsdiens het niks met politiek te doen nie. Met die H. Skrif word geen rekening in die politiek gehou nie, en vir die gesag van Gods Woord word daar nie gebuig nie.

Alle *gesag* as van God afkomstig word verwerp, want die mens is sy eie gesag. Bo of buite hom bestaan daar geen gesag, soewereiniteit of outoriteit nie. Die liberalistiese demokrasie is dus 'n uitvloeisel van die Franse Rewolusie, wat die goddelike gesag verwerp het. Daardie rewolusie was in sy diepste grond, soos dr. G. M. den Hartogh dit uitdruk, die wêreldhistoriese godsdiensoorlog, die oorlog teen die lewende God.<sup>7</sup> Die verwerping van die gesag het in die Franse Rewolusie as 'n heersende beginsel in die wêreldgeskiedenis openbaar geword. Die Calvinisme soek die bron van die gesag van die staatsmanne nie in die volkswil nie, want die volkswil kan dwaal. Dit soek die bron van die gesag alleen in God. Die liberalistiese demokrasie is daarom uit die bose, want dit verwerp die gesag van God en van sy Woord. Dit vergoddelik die soewereiniteit van die individu. Dit het geen begrip van die organiese eenheid van die volk wat geregeer word nie.

Daarom verwerp ons die gevaarlike leer van **volk-soewereiniteit**, wat deur die liberalistiese demokrasie vanuit Engeland in ons volkslewe ingedra is. Die grondgedagtes van hierdie leer kom hierop neer: "Om aan die *algemene* wil, wat die welsyn van alle mense tot rigsnoer neem, gehoorsaam te wees, is die enigste onvoorwaarlike gebod vir die menslike handeling. Om die algemene wil in 'n bepaalde geval vas te stel, moet aan alle *individue* na hulle mening gevra word. Hulle moet almal gelyke aandeel in die mag hê. Elke wet wat die volk nie in eie persoon goedgekeur het nie, is nietig".<sup>8</sup> Volgens hierdie leer is die algemene volkswil absoluut soewerein.

Hierteenoor beweer ons dat die wil van God alleen die wil van God moet wees. Een van ons staatsmanne het onder invloed van hierdie verderflike leer eenmaal beweer: "My volk kan enigiets hê as die meerderheid dit <sup>[53]</sup> begeer." Dis 'n gevaarlike leer, want dit hou nie rekening met die verdorwenheid van die mens deur die sonde nie. Trouens die liberalistiese leer hou geen rekening met die sonde nie, want die mens is van nature mos gaaf en goed. As een mens kan dwaal en teen die wil van God kan handel, dan kan 'n menigte van mense dit saam ook doen.

Rousseau beweer dat die soewereiniteit van 'n vors slegs geld kragtens die opdrag van die alleen soewereine volk, wat na eie goedvinde die mag kan verander of begrens. Verder beweer hy dat daar maar een soewerein is, en dit is die volk, wie se onderwerping aan 'n hoër mag in sigself teenstrydig is. Al die mag lê in die hand van die soewereine volk. Die volk oefen die mag uit in die wetgewing. Hierteenoor beweer ons as Calviniste, dat die gesag nie uit die volk opkom nie. Die owerheid word wel deur die volk

---

<sup>7</sup> Schrift en Historie, bl. 54.

<sup>8</sup> Koers in die Krisis, dl. 1, bl. 41.

gekies maar ontvang hulle gesag van God. Daarom is die owerheid 'n dienaar van God en nie 'n dienaar van die volk om na die pype van die volk te dans nie. Al wil 'n volk iets hê en dis teenstrydig met die beginsels van Gods Woord, dan mag die owerheid dit nie toestaan nie. Teenoor hierdie gevaarlike leer van die volksoewereiniteit stel ons art. 2 van die Program van Beginsels van die Antirewolusionêre Party in Nederland: "Nie in die volkswil, ook nie in die wet nie, maar alleen in God vind ons die bron van die soewereine gesag, en daarom verwerp ons die beginsel van volksoewereiniteit,"

Ons het in ons land so nodig Christelike staatsmanne, wat met die enige beginsels van Gods Woord die gesag hoog hou.

Die liberalistiese demokrasie vereer persone wat die meeste profyt uit 'n situasie maak en nie beginsels nie. Daarom is dit 'n stelsel van *opportunisme*. Die liberalistiese staatsmanne laat hulle nie lei deur vaste beginsels nie, maar laat hulle handelswyse telkens weer afhang van "die eis van die oomblik." Hulle kan nou teen 'n saak wees en dan weer vir dieselfde saak, omdat dit onder bepaalde uitwendige omstandighede nou beter lyk om daarvoor te pleit. Hierdie opportunistiese spel in ons politiek moet ons met veragting verwerp. Ons is geen opportuniste nie, want ons maak nie van geleentheid gebruik "terwille van persoonlike belange nie. Ons maak van ons kans slegs gebruik om ons goddelike roeping te vervul. Ons stel beginsels bo persone. Die doel van die lewe is tog nie die grootste moontlike gelukkigheid van die grootste moontlike aantal individue nie, maar die eer en verheerliking van God in die individuele en gemeenskaplike vervulling van die roeping wat God ons opgedra het.

Oor die begrip wat die liberalistiese demokrasie oor *volk* en *staat* het, verwys ons na die uiteensetting van dr. H. G. Stoker in sy *Die Stryd om die Ordes* (bladsye 24a, 25a, 24b en 25b). Ons wil net op 'n paar punte wys. 'n <sup>[54]</sup> *Volk* is volgens die liberalistiese demokrasie 'n verbinding van soewereine individue, wat in een land saamwoon en 'n gemeenskaplike geskiedenis het. Die Suid-Afrikaanse volk bestaan dan uit Afrikaners, Engelse en Jode. So word daar van 'n Amerikaanse volk gepraat, terwyl dit bestaan uit losse individue van alle nasies wat nog nooit 'n organiese eenheid vorm nie. Individue is dan ook hoofsaak en hulle het van nature gelyke regte. 'n Volk is geen versameling van soewereine individue nie, maar het 'n organiese karakter en is 'n organisasie eenheid. 'n Volk se eenheid word deur vier beginsels bepaal: Daar is die organiese bloedsband, die organiese kultuurband, daar is die landsband wat die volkseenheid verenig en daar is die historiese band. Die gemeenskaplik-historiese band verdiep die volkseenheid. Ek word eers deel van 'n volk as ek in daardie volkseenheid geassimileer word. Die Afrikanervolk is volgens die Britse liberalisties-demokratiese opvatting dus 'n seksie van die Suid-Afrikaanse volk. Volgens ons Calvinistiese opvatting is die Afrikanervolk 'n organiese eenheid, 'n selfstandige volk met 'n eie taal en kultuur.

Volgens die liberalistiese demokrasie is *die staat* 'n instelling wat die reg vorm, ontwikkel en handhaaf. Om dit geskiklik te kan doen moet hy 'n minimum van mag hê. Die staat is also 'n politieke organisasie van gelyke, vrye en soewereine individue, wat in 'n land saamwoon. Die staat ontleen sy gesag aan die individue en aan die volk as versameling van individue. Met ander woorde, in die staat regeer die individue self oor hulself. Die regering regeer namens die individue, wat die regeerders kies en afvaardig. Dit regeer in opdrag van hulle, van wie dit sy gesag ontvang. Dit is daarom weer aan die kiesers, die volk, verantwoordelik. Dit moet regeer volgens die belange en wense van die volk, volgens die soewereine volkswil. So regeer die volk homself. Die Calvinisme leer dat die staat 'n instelling van God is. Die staat besit in sy owerheid 'n gesag of soewereiniteit, wat hy *nie* van die volk ontvang nie. Hierdie gesag het die staat ook nie uit homself soos die staats-absolutiste leer nie. Nee, die staat ontvang sy gesag van God. God het die bestemming van die staat vasgelê deur sy ordinansies vir die menslike verbande daar te stel. God het in die staat die gesagstruktuur met sy regeringsamp gelê. Die owerheid regeer kragtens hierdie amp en het gesag op grond van die deur God bepaalde gesagsverhouding. Daarom is die owerheid altyd aan God verantwoording skuldig vir die volvoering van sy taak. Die staatsgesag is daarom nie absoluut soos die outokratiese stelsels leer nie. Nee, Gods gesag alleen is absoluut. Dis 'n afgeleide gesag, deur God op

die owerheid oorgedra. Die owerheid is dus 'n dienaar van God en regeer in naam van God en moet sy ordinansies <sup>[55]</sup> gehoorsaam. Die regeergesag kom van God en nie van die individuë nie.

#### 4. Liberalistiese Outokrasie.

##### a. Staatsoewereiniteit.

Teenoor die volksoewereiniteit van die liberalistiese demokrasie staan die staatsoewereiniteit van die magstaat. Ons het hier ook te doen met 'n kind van die liberalisme, wat net in die teenoorgestelde rigting ontwikkel het. Teen die leer van die liberalistiese demokrasie het daar verset gekom. 'n Volk is nie 'n optelsom van die individue nie soos die liberalistiese demokrasie leer. Nee, 'n volk is 'n organiese geheel. Dit is volkome waar, maar hierdie rigting gaan te ver deurdat alles vir die volkswil moet buk. Die staat word beskou as 'n geheimsinnige wese met 'n eie staatsbewussyn, met 'n eie staatswil en 'n eie staatsdoel. Die staat word 'n afgod, vir wie se wil alles moet buig.

Hierdie staats-absolutisme het al in die 16e eeu by Macchiavelli begin. Die staat, so het hy geleer, moet alleen op sy eie voordeel bedag wees, en is nie gebind aan die verpligtinge wat geld vir die handeling van individue nie. Godsdienst en moraal is vir die staat ondergeskik aan veiligheid en voorspoed, en hiervoor mag elke middel van lis en geweld aangewend word. Macchiavelli het tereg ingesien dat die staatkunde sy eie wette het, wat nie beheers mag word deur die kerklike gesag nie. Hy het die soewereiniteit van die staat bepleit, maar die soewereiniteit van God het hy verwerp. Bo die staat erken hy geen hoër gesag nie. God is alsoos as opperste Wetgewer verwerp en die mens is in sy soewereine gesag op die troon geplaas. Ons kry hier 'n staats-absolutisme, wat onafskeidelik verbind is aan die staatsoewereiniteit. Van Macchiavelli is die woorde afkomstig wat feitlik 'n slagspreuk vir Hitler en Mussolini geword het: "Niks buite die staat, niks teen die staat, alles vir die staat."<sup>9</sup> Dr. A. Kuyper noem en leer van die staatsoewereiniteit ook nog 'n produk van Duitsland se wysgerige panteïsme. Vir die staatswil moet alles buk, want dit is oppermagtig. Hierdie soewereine staatswil kan tot uiting kom in 'n republiek, in 'n monargie, in 'n diktator of selfs in tirannie. Daar is geen ander reg nie as wat in die wet beskrywe is. Die wet is reg nie omdat sy inhoud beantwoord aan die ewige regsbeginnele wat God in sy Woord geopenbaar het nie. Nee, die wet is reg omdat dit wet is. As die wet môre net die teenoorgestelde vasstel, dan sal dit ook reg wees. Die vrug van hierdie dodende teorie, sê dr. Kuyper, is dan ook dat die regsbesef afgestomp word, dat elke regsvastheid uit die gemoedere wyk, en dat alle hoëre geesdrif <sup>[56]</sup> uitgeblus word. Waar die Calvinisme sy uitgangspunt in God neem, daar neem die magstaat dit in die mens. Die Calvinistiese demokrasie bring alle gesag onder die ordinansies van God. In die totalitêre of outokratiese stelsels kan dit nie gebeur nie, omdat geeneen van hierdie stelsels die gesagsprobleem verstaan nie. Dis daarom onsin om van 'n gesagstaat in die sin van 'n Calvinistiese diktatuurstaat te praat. Staatsalmag is 'n gevaarlike idee, want dit verklaar die staat soewerein en gee aan die staat die reg om vry op te tree op alle terreine van die lewe. Hierteenoor bely ons dat die gesagsfeer van die staat nie *bo* alle gesagsfeer staan nie, maar *naas* die gesagsfeer van die maatskaplike lewenskring en die kerk. Alles is nie in die staat en alles is nie vir die staat nie. Ons mag nie eers vir ons 'n staatsdoel vasstel nie, en dan bo sy konstitusie skrywe: onder die leiding van God. So probeer sommige om staatsoewereiniteit te verschristelik.

Teenoor hierdie verderflike leer van die staatsoewereiniteit handhaaf ons die soewereiniteit van God, wat alleen bron van alle gesag is. En teenoor die magstaat wat beslag lê op elke lewensterrein handhaaf ons die leer van soewereiniteit in eie kring. Op staatkundige terrein is dit nie die woord van die mens wat daar toon moet aangee nie, maar die Woord van God. Nie die menslike rede moet toon aangee nie, want dan is die

<sup>9</sup> Prof. A. Diepenhorst, "Ons Isolement," bl. 29.

Prof. Anema—"Grondslag en Karakter van de Ital. Fasc. Staatsleer," bl. 62.

staat nie vry nie maar dan word die burgers slawe van die mens. In 'n magstaat is daar geen burgerlike vryheid en gewetensvryheid nie. "Hoe magtig die staat ook mag uitbreek en die vrye persoonlike ontwikkeling in gedrang bring, bo hierdie magtige staat skitter voor ons sielsoog steeds as nog oneindig magtiger die majesteit van die Koning van die konings, by wie se vierskaar (regterstoel) steeds die reg van appèl vir elke verdrukke oopstaan, en tot wie ons gebed steeds bly opgaan of Hy ons volk en in daardie volk ons en ons huis mag seën." (Dr. A. Kuyper—*Het Calvinisme*, bl. 82).

#### *b. Staatsosialisme.*

Staatsosialisme is die rigting wat gelei word deur die gedagte, dat die reënde bevoegdheid van die bestaande staat hom *onbeperk* uitstrek oor die hele sosiale en ekonomiese lewensgebied. Ons kry hier 'n staats-absolutisme wat toegepas word op ekonomiese gebied. Die vraag is hier of daar geen owerheidsbemoeiing ten opsigte van die ekonomiese lewe moet wees nie. Daar is seker niemand in ons tyd wat hier algehele staatsonthouding sou wens nie. Die stryd loop egter oor die vraag in hoever die staatsbemoeiing hom moet uitstrek. Die kapitalis kan nie maar vrygelaat word om die maatskappy vir sy eie selfsugtige doeleindes uit te buit nie. Ons weet dat die Manchester-skool geleer het die totale onthouding in ekonomiese sake deur die staat. Volgens hierdie skool sou die staat geen ander taak hê as om die veiligheid te beskerm nie. Hierdie leer het <sup>[57]</sup> ontsaglike sosiale ellende veroorsaak. Daar het geweldige reaksie ontstaan. Die gevolg was dat die sosialiste en staatsosialiste opgetree het met die leer, dat die owerheid nie alleen reëls vir die ekonomiese lewe stel nie, maar ook dat die staat op uitgebreide skaal as ondernemer optree. Die staatsosialisme wil aan die bestaande staatsgesag die reëling van die maatskaplike verhoudinge opdra. Dit gaan ook uit van die gedagte, dat die staat sy onbeperkte mag aan homself ontleen. Dit erken geen onaantasbare regte en vryhede van persone of maatskaplike groepe nie. Alles val onder die absolute heerskappy van die staat, wat oral in die maatskaplike kringe ingryp as dit vir hom nuttig is. Die staatsosialisme rig hom veral teen die liberalistiese ekonomie, maar moet tog onderskei word van sosialisme. Sosialisme is in wese rewolusionêr en verwag die heil van die ondergang van die bestaande orde. Staatsosialisme egter sluit aan by die bestaande en dra aan die bestaande staatsgesag die reëling van die maatskaplike verhoudinge op. Juis daarom is dit so 'n gevaarlike rigting, omdat die gesags-ewewig hier so ongemerk verstoort word.

Staatsosialisme mag ons volgens Christelike beginsels nie aanvaar nie. Dit staan lynreg teenoor die Calvinistiese opvatting van soewereiniteit in eie kring, wat onderwerping eis aan die lewenswette wat God daar gestel het. Daarin vind die staatsgesag dan ook sy begrensing. Huisgesin en skool tog het hulle eie soewereiniteit, daarom het die Calvinisme altyd opgekom vir die selfstandigheid van die huisgesin en vir die vrye skool. Ook op die gebied van handel en nywerheid moet die strewe wees om hierdie kringe tot selfstandigheid en aksie te bring, sodat die staatsbemoeiing al minder kan word. So alleen kan ons die gevaar van staatsosialisme voorkom. Dis 'n gevaar waarvan ons ook nie heeltemal vry is nie, omdat die owerheid hier by ons by soveel sake ingeroep word. Die gevaar is dat die regering hom met teveel dinge gaan bemoei en die vrye menslike lewe gaan reglementeer. Dis waar, dis die taak van die owerheid om teen misstande in die bedryfswêre te waak. Die owerheid moet ook reëls stel tot beskerming en opheffing van hulle wat ekonomies swak is. Daar kan selfs heilsame invloed uitgaan van arbeidsbeskerming en sosiale versekering. Maar in die algemeen moet staatsbemoeiing hom beperk tot die skepping van die voorwaardes, waaronder die vrye maatskaplike lewe hom na eie karakter en roeping kan ontwikkel. Die partikuliere inisiatief mag nie belemmer of dood gedruk word nie. En waar die owerheid in die maatskaplike lewenskringe ingryp daar moet hy aandring op die herstel van die reëlmatige werking van die sedelike organiese regsverhoudinge. Die owerheid mag die arbeid nooit aan bande lê nie. Wel moet hy sorg vir wetgewing insake arbeidsduur, sedelikheid, gesondheid en veiligheid. Die arbeid moet <sup>[58]</sup> vrygemaak word van staats-oorheersing, maar ook van kapitaliste-oorheersing.



### c. *Kommunisme.*

Ook die kommunisme stel die ekonomiese belang voorop. Ook die kommunisme lei tot staatsoewereiniteit, omdat dit die gesag nie in God soek nie, maar in die staat of staatsleier. Dis staats-absolutisme los van die gesag van God en dis 'n wankel grondslag vir 'n staat. Dis ook 'n magstaat wat die staat as 'n goddelike wese beskou, wat geen gesag bo hom duld nie. Volgens die kommunisme is die staat geen regstaat nie, maar 'n blote magstaat, wat alle reg verwerp en net geweld ken. Die kommunisme verstaan die gesagsprobleem net so min as die ander geestesstrominge wat ons reeds behandel het. Gesagsuitoefening tog veronderstel reg en vryheid, terwyl die kommunisme net geweld en onvrye ekonomiese wette ken. Hierteenoor leer die Calvinisme dat die staat geen mag net terwille van mag moet begeer nie. Nee, die roeping van die staat is juis om met mag en geweld reg te vorm en reg te handhaaf. Alle magsgebruik moet onderworpe wees aan die regbeginsels.

In onderskeiding van die ander geestesstrominge op politieke gebied is die kommunisme nie slegs 'n politieke stelsel nie, nee, dis 'n lewensbeskouing in die volle sin van die woord. Dis 'n lewensbeskouing wat sterk daarna strewende om die menslike handel en wandel te beïnvloed. Dit wil totalitêr wees, d.w.s., dit wil die mens as geheel omvat en vir alle sye van sy bestaan rigtinggewend wees. 'n Lewensbeskouing van hierdie aard is noodwendig eksklusief en onverdraagsaam. Die mens mag geen andere sienswyse wat daarmee teenstrydig is, huldig nie.

Die twee vernaamste grondstellings, waarop Lenin sy party gebaseer het, was:(a) die opperheerskappy van die proletariaat, die werkersklas, (b) die arbeidersklas moet los en onafhanklik staan van die meer gegoede klas. Die werker se belange word also tot uitgangspunt, doel en norm, tot hoofbeginsel van alle menslike verhoudinge gestel. In hierdie werkersklas is alle individue gelykwaardig. Daar is geen verskil van geslag, ras of kleur nie. Die mens is dus 'n ekonomiese wese en die werkersklas 'n ekonomiese maatskappy. Privaatbesit moet vervang word deur die gemeenskaplike besit, omdat alles aan die hele maatskappy behoort. Dit beteken volledige sosialisering van die openbare ekonomiese lewe. Die kommunisme is 'n verloëning van die selfstandige bestaan van alles wat ons geestelik noem. Vir die kommunis is die eerste en eintlike werklikheid die stoflike. Die geestelike het vir hom geen eintlike, werklike bestaan nie. Ons kry hier 'n *volkslae materialisme*. Die enigste en eintlike werklikheid is die stoflike. Wat ons lewe, siel en gees noem het geen bestaan van hulle eie nie. Dit is almal net <sup>[59]</sup> bestaansvorme van die materie, produkte van die stof. God is self 'n produk van die stof. Godsdiens, sedelikheid en waarheid het geen eintlike, werklike bestaan nie. Dis alles maar produkte van die stoflike. Die geestelike het slegs betekenis in sover dit die stoflike dien. Die koninkryk van God word nie eers gesoek nie, maar slegs die behoeftes van hierdie wêreld.

Die kommunisme is 'n ontkenning van die geestelike. Dis 'n *verlaging van die mens* tot die rang van die stoflike en aardse. Die mens word nie meer beskou as 'n geestelike wese, wat geskape is na die beeld van God nie. Nee, die mens is 'n bloot aardse, dierlike wese. Dis dus 'n ontgeesteliking en ontgoddeliking van die mens en die wêreld.

Uit hierdie materialisme volg noodwendig die *ontkenning van die bestaan van God*. God is 'n illusie, wat; deur die besittende klas uitgedink is om die werkers vrees in te boesem. Die idee van God is 'n gevolg van onkunde en vrees. Die mens is nie meer 'n beeldraer van God nie, maar 'n stuk van die kommunistiese masjien, 'n stuk van die "sosiale kollektief, die nuwe godheid"<sup>10</sup>. Berdjajew wys daarop dat die loëning van God meebring die ontkenning van die menslike persoonlikheid. Hy sê, dat die goddeloosheid en onmenslikheid van die kommunisme die bron is van die bloedige dwang, waarmee dit die sosiale geregtigheid probeer verwesenlik. Dis die bron van haat, wraak en twis om die verbroedering van die mense te bewerk. Berdjajew wys daarop, dat volgens art. 13 van die konstitusie van die kommunistiese Party elke kommunis verplig is om die

<sup>10</sup> Nocolai Berdjajew - "Waarheid en Leugen van het Kommunisme" (1935), bl. 29.

ateïsme (godloëning) te erken, en om aan die antigodsdienstige propaganda deel te neem. "Een Communist mag geen Christen en in 't geheel geen religieus mensch zijn" (bl. 109). As lid van die Party is elke kommunist verplig om die ateïsme te verkondig en vir goddeloosheid te stry.

Daarom kon die kommunisme geen *kerk en godsdienst* duld nie. Berdjajew sê dat die kommunisme alle godsdienste vervolg omdat dit self 'n godsdienst is. "Het is een religie van de laatste en definitieve ontkenning van een wêreld aan gene zijde en van het geestelijk leven" (bl. 35). Die kommunisme kan geen kerk duld nie. As dit die kerk wel duld, sê Berdjajew, dan gebeur dit uit opportunistiese oorwegings en dit het dan 'n verbygaande karakter (bl. 36). Dostojefski het dan ook heeltemal gelyk in sy bewering, dat die hoofpunt van die kommunistiese leer sy ateïsme is. Daar is veral vyf besware wat deur die kommunisme teen die godsdienst ingebring word: (1) godsdienst is idealisme, (2) godsdienst spruit uit onkunde, (3) godsdienst is die produk van klasse-oorheersing, (4) godsdienst is reaksionêr en (5) godsdienst is opium vir die <sup>[60]</sup> volk. 'n Verlosser is nie nodig nie omdat daar nie eintlik so iets as sonde bestaan nie. Daarom verkondig die kommunisme 'n eie heilsleer en beloof 'n uiteindelijke verlossing.

Die gevolg hiervan is die verwerping van alle *sedelike maatstawwe*. Die verwerping van die godsdienst moet ook noodwendig lei tot die ontkenning van vasstaande, ewig geldende sedelike beginsels. Die ekonomies-materiële omstandighede bepaal wat sedelik goed of sleg is. Die sedelikheid is geen middel tot verheerliking van 'n persoonlike God nie. Nee, sedelik is slegs dit wat voordelig is in die ekonomiese stryd van klas teen klas. In hierdie stryd is alles ook geregverdig. Haat, nyd, bloedvergiëting, leuens, bedrog is alles geregverdig, solank dit net die belange van die proletariaat, die werkersklas, dien. As iemand besonder skadelik is, as hy vir die rewolusionêre stryd gevaarlik is, het jy die reg om hom dood te maak in gehoorsaamheid aan die bevel van jou wetlike klasse-organ. Teen prostitusie het die kommunist geen beswaar nie. Dis geen euwel nie, *want* die huwelik is geen goddelike instelling nie. Die vrou is in alles aan die man absoluut gelyk en moet dan ook dieselfde swaar werk doen as die man. Daar bestaan geen sedewette vir die huwelik nie.

Ons kom nou tot die sg. *klassestryd*. Die kommunist is nie tevrede om die verband tussen God en mens te verbreek nie. Ook die eenheid van die samelewing, waarin die mens staan, moet versteur word. Vir die kommunist bestaan daar nie volke nie, maar slegs klasse, eintlik net twee klasse, die besittende klas en die werkersklas. Hierdie twee klasse staan dan in gedurige vyandskap teenoor mekaar. Die *werkersklas* *moet* die opperheerskappy kry en dit kan alleen gebeur deur 'n klassestryd, deur meer haat en vyandskap teen die besittende klas aan te blaas. Klassehaat en klassestryd is dus 'n grondmotief van die kommunistiese leer. Die samelewing in sy eenheid moet vernietig en 'n nuwe gemeenskapsvorm tot stand gebring word. In hierdie nuwe gemeenskapsvorm sal slegs hulle, wat nou niks besit behalwe hulle arbeidskrag nie, die alleenheersers wees. Die dryfkrag in hierdie proses kan niks anders wees as die gevoel van haat nie. Daarom word die arbeiders aangespoor tot verset en rewolusie. Die rewolusie moet lei tot die vernietiging van die bestaande orde en die daarstelling van 'n samelewingsvorm waarin die arbeider alleen sal regeer. Dit word genoem die *diktatuur van die proletariaat*, die alleenheerskappy van die werkersklas. Omdat die kommunisme in die arbeider 'n middel sien waarmee hy sy doel kan bereik, beywer hy hom om alle arbeidsorganisasies onder sy beheer te kry. Ook in ons land lê die kommunisme hom met alle mag toe op die verowering van die vakbonde.

<sup>[61]</sup> Om sy doel te bereik moet die werkers oor die hele wêreld hulle organiseer en alles wat met hulle ideaal in stryd is, afbreek. Die kommunisme sien uit na 'n algehele wêreldrewolusie, waarna 'n nuwe wêreldorde sal begin met die werkersklas aan die bestuur. Die kommunisme is dus rewolusionêr terwyl die Calvinisme antirewolusionêr is. Die kommunisme wag op die geleentheid vir 'n bloedige rewolusie, waarby die besittende klas en die kapitaliste gewoonweg uitgedelg moet word. Dan sal die paradys-toestand vir die werkersklas aanbreek. In werklikheid sal dit 'n oorwinning van 'n geheimsinnige groep van agitators wees, waarby die arbeiders as magsmiddel alleen 'n

rol sal speel. Dis in werklikheid niks minder as 'n diktatuur of alleenheerskappy van opgeleide rewolusionêre organisators nie. Die diktatuur van die proletariaat of die alleenheerskappy van die werkersklas is 'n absolute dwingelandy. Watter naamlose ellende heers daar in menige arbeidskring in Rusland! Dis in werklikheid nie die werkersklas wat die alleenheerskappy het nie, maar 'n georganiseerde groep ateïste wat die mag van die werkersklas uitbuit en misbruik om hulle eie doel te bereik, om hulle dan as 'n dwingelandy oor die werkersklas te verhef sonder *om* die lot van die arbeider te verbeter. Die hele stelsel van die kommunisme is gebou op misleiding en bedrog van die arbeidsbeweging. Was dit maar 'n diktatuur van die proletariaat, dan sou daarvoor nogal iets te sê wees. Maar nou is dit in werklikheid 'n ateïstiese groep, wat gedryf word deur haat teen die Christendom en wat die mag uit die hande van die werkers gryp om hulleself daarmee tot 'n diktatuur te verhef oor die werkers, maar nie vir die werkers nie.

Om die kapitalistiese *staat* in 'n werkerstaat om te skep, moet die staat gebruik word as middel tot daardie doel. Op homself het die staat geen bestaansreg nie. Die staat het volgens die kommunisme geen bestaansreg nie. Dis 'n magsinstelling wat in die lewe geroep is deur die besittende klas, ten einde as middel te dien om die arbeider tot onderdanigheid te dwing om hom dus des te makliker uit te buit. In werklikheid staan die staat also midde in die klassestryd en is dit een van die magtigste middele in die hande van die besittende klas. Nou is dit die strewe van die kommunisme om die staat as 'n diktatuur te gebruik om die besittende klas te oorwin. Die staat is also 'n geweldstaat waarmee die kommunisme hulle ideaal wil bereik. Omdat die staat 'n mag teen die werkersklas is, moet dit deur rewolusie vernietig word. Met die omverwerping van die burgerlike staat kom die diktatuur van die proletariaat dan tot stand. Dis dan 'n staat waarin die arbeider oor die kapitalis regeer. Daar sal dan geen staatsmag meer wees nie. Die gemeenskap sal net ekonomies georganiseerd wees. Die produksiekragte sal tot so 'n hoë peil ontwikkel wees, dat niemand enige gebrek meer sal ly nie. Op maatskaplike gebied sal dan alle burgerlike <sup>[62]</sup> instellings soos familie, sedewette ens. verval. Die mens sal dan ontwikkel wees tot 'n wonderlike sondelose wese. Sonde sal daar dan nie meer wees nie, want armoede as oorsaak van alle sonde sal daar dan nie meer wees nie. Ook sal in daardie ryk geen godsdiens meer wees nie, want die magte waaraan die godsdiens sy ontstaan te dank het sal dan uitgewis wees.

Ons waardeer dit dat die kommunisme ook na 'n paradys verlang, maar die kommunistiese paradys is 'n hersenskim, omdat die mens as godsdienstige, redelike, sedelike wese met 'n blote ekonomiese hemel alleen nooit gelukkig sal wees nie. Vir die Calvinis kan die kommunisme alleen voorkom as die leer van die antichris, wat nie alleen die bestaan van God loën nie, maar alles wat hoër is as stof aftrek tot in die stof van die aarde. Marx het die kommunisme genoem: "die vernietiging van die hele wêreldorde soos dit tot nou toe bestaan het." Ja, dit beoog 'n algehele vernietiging van alles ^wat vir ons heilig en edel is. In die eerste plek moet' alles wat geestelik is vernietig word. In die tweede plek moet die Godheid geloën en die godsdiens uitgeroei word om plek te maak vir 'n dorre materialisme. En in die derde plek moet die staat en die ekonomiese lewe soos ons dit ken, afgebreek word om vervang te word deur 'n diktatuur van die proletariaat.

Kommunisme is 'n negatiewe reaksieverskynsel, wat net wil breek en vernietig. Dit wil 'n wêreldrewolusie bewerkstellig, wat God, godsdiens, kerk, sedelikheid, reg, regstaat en die volk as sodanig verwerp en vernietig. Sy ontevredenheid kan ons verstaan maar sy goddelose manier waarop hy alles wil regmaak is veroordeeld. Arme mens wat hom verlaat op die diktatuur van die proletariaat ! Hy sal as slaaf deur wrede diktators gekwel word. In smart sal hy neerlê (Jes. 50:11). Die kommunisme verwerp die soewereiniteit van God en die soewereiniteit in eie kring, net soos die ander liberalistiese outoritêre stelsels. Dit het geen belofte vir hierdie en vir die toekomstige lewe nie. As ons op die sluwe werkinge van die kommunisme vandag het, dan dink ons aan die woorde van Paulus: "Die verborgenheid van die onregtigheid is al aan die werk" (2 Tess. 2:7). Daar is nog iets wat die openbare optrede van die antichris teëhou. Ons meen dat Paulus hier bedoel die geordende regstaat. Sodra dit deur rewolusie uit die weg geruim word, dan

sal die antichris openbaar optree. Maar dan sal ons geen werkersparadys kry nie, maar 'n verlaafde mensheid wat vir sy vergoddelikte diktator moet buig. Dan sal alle geestelike en sedelike waardes vertrap word. Dis onmoontlik om die kommunisme te begryp, wanneer ons dit alleen as 'n sosiaal-ekonomiese sisteem opvat. Ons sluit met die <sup>[63]</sup> woorde van 'n man wat uit Rusland moes vlug nl. Berdjajew: "Die hartsog van die antigodsdienstige propaganda en die godsdienstige vervolging in Sowjet-Rusland kan mens alleen begryp, wanneer mens in die kommunisme 'n soort godsdiens sien, wat die Christendom sou wil aflos." Van al die vorme van liberalistiese outokrasie is die kommunisme seker die gevaarlikste. Ons het hier te doen met sprinkane met mensegesigte met goue krone op hulle koppe, maar met skerpioensterne met angels daarin (Openb. 9:7-10). Hulle kom dan ook uit die put van die afgrond en hulle leier is Apóllion.